


Die Matie

TWEEWEEKLIKSE STELLENBOSSE STUDENTEKOERANT
UITGEGEE ONDER BESKERMING VAN DIE SR



DONDERDAG, 8 SEPTEMBER 1983

Jaargang XXXIX Nr. 19

SAAK skud Suidwes

SAAK se voorgestelde Namibië-vergadering het ook in Windhoek baie opskuddings veroorsaak. Verskeie koerante het prominente berigte gehad, byvoorbeeld: *Die Suidwester*, Vrydag 2 September 1983.

"... SAAK is verbied om voort te gaan met 'n beplande vergadering na daar nie aan sekere vereistes van die Rektor, prof. Mike De Vries, voldoen is nie... Die vereniging was genoodsaak om die gespreksforum onder die titel "Namibië-sikking" af te las na die Rektor ingegryp het om die eensydigheid van die vergadering te probeer verhoed.

... Die persverklaring (van SAAK waarin die Rektor van outoritêre optrede beskuldig word) sal waarskynlik op die volgende sitting van die Vise-kanselierskomitee die Uitvoerende komitee van die Uni-

versiteitsraad voorgelê word. Word die studente skuldig bevind aan wangedrag, kan 'n boete opgelê word, of kan hulle selfs geskors word..."

Republikein, Woensdag 31 Augustus 1983.

Onder die opskrif: "Gespreksforum: Matie los Suidwes."

"... In 'n verklaring wat laat gisteraand deur SAAK op Stellenbosch uitgereik is, word gepraat van die "outoritêre manier van die Rektor", "druk wat op sprekers uitgeoefen is" en "arbitrêre optrede teen studente" dreig SAAK dat tensy gesagstrukture hulle houding verander, daar geen versoening kan wees nie en dat konfliktsituasies nie vreedsaam opgelos kan word nie..."

(Die res van die berig haal SAAK se eerste verklaring volledig aan.)

VERGADERING AFGESTEL

Groot protes oor Rektor se optrede

'n PANEELBESPREKING oor 'n skikking in SWA/Namibië van die Stellenbosse Aktuele Aangeleentheidskring (SAAK) wat verlede week sou plaasvind is deur die bestuur van SAAK afgestel. In 'n persverklaring voer hulle die "intimidasie" van sprekers en die "outoritêre manier waarop die Rektor met die samestelling van die paneel ingemeng" het as redes aan.

'n Verteenwoordiger van Swapo se interne vleuel het onttrek as gevolg van "die manier waarop onder andere SAAK vir politieke wins gemanipuleer is." Die verteenwoordiger van Nasionale Pers in Windhoek, wat ook onttrek het, sê in 'n persverklaring: "Nadat die vergadering kontroversieel geraak het as gevolg van die Rektor se tussentrede is ek van baie kante onder druk geplaas en moes ek daarom my posisie heroorweeg."

Die Rektor van die Universiteit van Stellenbosch, prof. Mike de Vries, het in vergaderings met lede van die SAAK-bestuur verlede week 'n groep van drie sprekers as ongebalanseerd bestempel. Hulle is mnr. Johann Piek, voormalige eks-stale raadgewer oor SWA/Namibië van die Minister van Buitelandse Sake; mnr. Niko Bessinger, mede-sekretaris van buitelandse sake van die interne vleuel van Swapo en mnr. Max du Preez, verteenwoordiger van Nasionale Koerante in Windhoek. Mnr. Du Preez sou as neutrale gespreksleier optree.

was, het die Rektor ons argumente vir die samestelling daarvan verwerp. Die vergadering is oorspronklik be-



PROF. DE VRIES

Voorwaardes

Prof. De Vries het gesê so 'n bespreking kan net regverdig en gebalanseerd wees indien 'n lid van een van die groot politieke partye in SWA/Namibië ook deelneem. Hy het twee voorwaardes vir die voortsetting van die vergadering gestel. Of 'n vierde spreker, 'n lid van een van SWA/Namibië se interne politieke partye, moes by die besprekingsgroep ingesluit word óf 'n soortgelyke bespreking moes onmiddellik voor of na die oorspronklike vergadering gehou word.

In 'n verklaring deur die bestuur van SAAK uitgereik nadat die vergadering afgestel is, word gesê: "Alhoewel die paneel gebalanseerd

plan met sprekers wat op grond van hul bona fides die onderskeie standpunte van Suid-Afrika en Swapo kon weergee. Tans is die belangrikste probleem in SWA/Namibië, na ons mening dat hierdie twee magte in 'n gewapende konflik gewikkel is en daarom 'n skikking kan maak of breek."

Gesag

"Die manier waarop hierdie vergadering ondermyn is, kan nie in isolasie gesien word nie. Tensy gesagstrukture hulle houding verander, kan daar nie versoening wees nie en kan konfliktsituasies nie vreedsaam opgelos word nie" het SAAK ook verklaar.

(Vervolg op bl. 3)

Hulp met voëls vol olie benodig

SANCCOB, die organisasie wat vanaf 1968 oliebesmeerde pikkewyne en ander seevoëls langs die Suid-Afrikaanse kus versamel en voed, het baie voëls om te versorg na die onlangse Castillo de Bellver-ramp.

Ongeveer 1 300 voëls is reeds gewas en moet nog gevoed word. Die voëls kry infeksie as gevolg van die werking van die bakterie proteus mortagni en antibiotika moet uurliks toegedien word.

Baie helpers is nodig om die voëls te versorg en die infeksie vererger die situasie. Sanccob het 'n groot tekort aan vrywillige hulp en almal is welkom om te help. Belangstellendes moet hulle in groepe organiseer en Sanccob by 021-571378 kontak vir verdere navrae.

Doen nou aansoek vir die Studenteraad se subkomitees. Aansoekvorm en besonderhede op bl. 10.

Spring fever hits S'Bosch

THE first of September is always an unforgettable experience in Stellenbosch, and if you are a student, even more so.

The first day of September dawned pink and tranquil and was saluted by excited voices, music and car horns. Everywhere people were preparing for champagne breakfasts. The atmosphere was filled with the fragrance of spring flowers. Stellenbosch was alive and awake to enjoy the day to the full and to make it a day to remember.

With a clear blue sky above and a magic feeling in the air, some students set out to class, while others decided a day at the beach would give the day more credit. The girls, dressed in pastels, added to the spring feeling. Flowers were given without hesitation and so also were smiles.

Spring. Spring. The word seemed to come alive. In the streets the girls walked around with bunches of flowers in their arms. Rooms were filled with flowers from secret admirers and of course from that special person in their lives. The continuous chatter of happy people was a sure sign that winter was drawing to a close and that summer was on every doorstep.

The spring atmosphere continued into the late afternoon and into the night. With the sun setting in orange and later red, braais were held to enjoy the last stretch of the unforgettable day. Everybody was out enjoying themselves and bidding the day goodbye.

Spring Day once again was a day filled with magic.



MET die winter nou amptelik verby, is dit nog net die November-eksamens wat die lang somervakansie kan demp. Foto: Leslie Thiert

SR se vier vroue maak geskiedenis

DIE Studenteraad van die Universiteit van Stellenbosch het vir die eerste keer sedert 1948 vier vrouestudente wat daarop dien.

Die vier vrouestudente wat tot die Studenteraad verkies is, is Annami Oosthuysen, Lizbé Vos, Anneke Oosthuysen, en Karin Strydom. Annami Oosthuysen is die eerste vrouestudent in 'n lang tyd wat tot die uitvoerende komitee verkies is. Die vorige keer het die vrou reeds 'n termyn op die SR gedien, en is as ondervoorsitter aangestel.

Beide Annami Oosthuysen en Karin Strydom is regstudente. Lizbé Vos studeer Kliniese Sielkunde en Anneke Oosthuysen B.A.

Diskriminasie

Corra Gerber, die enigste vrouestudent op die Studenteraad van die vorige termyn, voel baie bly dat daar vier vrouens tot die SR verkies is, en sê dat dit hoog tyd is dat so iets gebeur. Sy sê dat daar gesê word dat teen vrouestudente gediskrimineer word, maar dat dit eintlik die vrouens is wat teen hulleself diskrimineer, deur-

dat hulle nie deelneem aan kampusaktiwiteite nie. Dat daar so baie vrouens nou verkies is, is 'n bewys dat daar nie teen hulle gediskrimineer word nie. Me. Gerber voel dat hoe meer vrouestudente hulle bereid verklaar om op die SR te dien, hoe meer verkies sal word.

Voorsitter

Mnr. Chris Jones, nuwe SR-voorsitter, voel dat dit goed is om vrouens op die Studenteraad te hê, en dit is vir hom 'n riem onder die hart dat daar vanjaar vier tot die SR verkies is.

Positief

Mnr. Jones voel dat meer vrouens nodig is om hulle saak te stel, en hy is van mening dat daar sommige portefeuljies is waar 'n vrou die nodige "final touch" kan gee. Dit is vir hom 'n baie positiewe ontwikkeling, en hy sien daarna uit om met die vier vrouens te werk.

LEES BINNE

- Verskille oor NUSAS-af-filiasie bl. 2
- The jewelry design course 7
- Massas op UDF-vergadering bl. 9
- Eksamens en ander IDEES bl. 12
- Duisend sangers maak Sangfees suksesvol bl. 13
- Kies Maties se Sportman en Sportvrou van die Jaar bl. 15
- Helshoogte wen Piek in die Sauerliga bl. 16



DIE Studenteraad vir 1983/84 wat op 30 Augustus gekies is. Agter v.l.n.r. is Le Roux van der Westhuizen, Anneke Oosthuysen, Niël van der Merwe, Karin Strydom, Lizbé Vos, Johann Schoonraad, Marius Wahl, Nico Wilkens, Francois Sieberhagen. Voor v.l.n.r. is Nicholas Myburgh, Chris Jones (voorsitter), Christo van Heerden en Annami Oosthuysen.



REEDS in 1964 was daar 'n dispuut oor NUSAS op die Ikey-kampus. Vandag speel die Ikeys 'n toonaangewende rol in dié organisasie.

NUSAS-AFFILIASIE

Dispuut woed steeds op Engelse kampusse

NATAL — Die Nasionale Unie van Suid-Afrikaanse Studente (NUSAS) was die afgelope tyd in 'n hewige stryd gewikkel op twee Engelse kampusse.

Studente by Rhodes Universiteit op Grahamstad en op die Pietermaritzburgse kampus van die Universiteit van Natal het verskil oor die universiteite se voortgesette affiliasie by NUSAS. Op beide kampusse is referendums in die verband gehou. NUSAS is verwerp deur die studente van Rhodes terwyl die Pietermaritzburgse kampus ten gunste van affiliasie gestem het.

Naelskraap

NUSAS het die stryd op die Rhodes-kampus naelskraap verloor. Altesaam 1 051 studente het vir die beëindiging van affiliasie by NUSAS gestem en 956 vir voortgesette affiliasie. Die stempersentasie was 69,67%.

Volgens mnr. James Hallett, voorsitter van die Rhodes-aksiegroep wat teen voortgesette affiliasie is, is NUSAS nou slegs 'n vereniging op die kampus met vrywillige lede. As vereniging sal NUSAS by die universiteit 'n gemotiveerde aansoek moet voorlê om geldelike steun te kan ontvang.

In die verlede moes die studenteraad sowat R1 per student affiliasiegeld aan NUSAS betaal. Dieselfde geld vir die ander drie groot Engelse universiteite, Kaapstad, Wits en die Durbanse kampus van die Universiteit van Natal.

Die stryd by die Pietermaritzburgse kampus van die Universiteit van Natal was van kardinale belang vir NUSAS, aangesien dié kampus NUSAS in 1980 verwerp het.

Verwerping daar kon die organisasie 'n gevoelige slag toegedien het, nie net wat ledetal betref nie, maar ook finansiëel.

Die voorsitter van NUSAS, me. Kate Philips van Kaapstad, het self hard op die Pietermaritzburgse kampus gespoek om die uitslag te beïnvloed. Die uitslag was ten gunste van NUSAS. Altesaam 1 031 studente het vir die hernuwing van affiliasie by NUSAS gestem en 903 daarteen. Die stempersentasie was 56,7%.

Blydskap

Die studenteraadsvoorsitter van dié universiteit, mnr. Cormac Cullinan, het sy blydskap oor die oorwinning uitgespreek en gesê dat die meeste studenteraadslede die affiliasie steun.

Volgens mnr. Cullinan is die studente meer konserwatief as dié van die universiteite van Kaapstad en Witwatersrand. "Ons is liberaal, maar nie linksgesind nie. Indien ons 'n uitwerking op NUSAS se beleid sal hê, sal ons hulle meer gematig

maak," het hy gesê.

Die sowat 300 swart studente op die kampus het by monde van Azaso ook hul steun aan NUSAS toegesê. Mnr. Cullinan het gesê die hernuwing van affiliasie sal die Studenteraad baie help omdat die kampus baie klein is. Dit is belangrik vir die universiteit om kontak met ander universiteite te hê. "Ons sal jaarliks 'n bydrae van R3 000 aan NUSAS lewer."

Die gevoel is dat daar ook baie sterk steun vir NUSAS op die kampusse van die Universiteit van Witwatersrand en Kaapstad is. Volgens mnr. Brendon Dally,

SR-voorsitter van Wits, het die NUSAS-geïnteresseerde kandidaat vir die SR baie goed gevaar in die afgelope verkiesing.

Hy het gesê hy is seker dat indien 'n referendum nou gehou moes word, die meerderheid van die studente ten gunste van NUSAS sal stem.

Mnr. Nic Borain, studenteraadsvoorsitter van die Universiteit van Kaapstad, het gesê hy was na afloop van sy verkiesingsveldtog verbaas oor die sterk gevoel wat onder die studente heers ten gunste van NUSAS. Volgens mnr. Borain geniet NUSAS selfs onder apatiese studente 'n sterk aanhang.

Universiteite kry self kwota-reg

DR. Gerrit Viljoen, Minister van Nasionale Opvoeding, het verlede week aangekondig dat die omstrede kwotastelsel nie meer deur die Regering nie, maar deur die Universiteite, toegepas gaan word.

Volgens die kwotastelsel sou die minister aan elke universiteit 'n kwota voorskryf waarvolgens Bruin en Swart studente by universiteite toegelaat sou word.

Gunstige kommentaar is landwyd deur universiteits-hoofde gelewer. Prof. Mike de Vries, Rektor van die Universiteit van Stellenbosch, sê in 'n verklaring die minister se aankondiging bring mee dat die sogenaamde permitstelsel verdwyn. Hiervolgens moes elke anderskleurige wat by 'n "wit" universiteit wou studeer 'n persoonlike permit by die minister kry.

"Dit word om verskeie vanselfsprekende redes verwelkom," het hy gesê. Prof. De Vries het dit al vroeër vanjaar as 'n positiewe stap met talle voordele bestempel.

Dr. Stuart Saunders, rektor van die Universiteit van Kaapstad is ook ingenome daarmee. Hy sê die UK betreur dit egter dat Swart mense steeds om permitte aansoek moet doen om geneeskunde te kan studeer. Hy hoop dat die betrokke bepaling in die gewysigde Wet op Universiteite wat die minister magtig om voor-

waardes aan die Universiteite oor toelating op 'n rassegrondslag op te lê, binnekort opgehef sal word.

Ook prof. D.J. du Plessis, visekanselier van die Universiteit van die Witwatersrand het die regering se stap deels verwelkom. "Beperkings op die toelating van Swart studente tot sekere fakulteite bestaan steeds en ons glo dit is opvoedkundig, maatskaplik, moreel en finansiële onwenslik. Toelating van studente moet die Universiteits-

raad se verantwoordelikheid wees."

Mnr. Koos Strydom, SR-lid van die Randse Afrikaanse Universiteit verwelkom die nuwe wet. Ten spyte van 'n petisie met 695 handtekeninge teen die kwotastelsel is daar vroeër vanjaar op 'n massavergadering ten gunste van die toelating van 'n bepaalde kwota gekleurdes op voorgraadse en Honneursvlak gestem. Hy sê dat hulle as volwaardige studente behandel sal word.

STUDENTERAAD

Ikeys kies vyftien oningewyde leiers

KAAPSTAD — Na 'n stemtydperk van drie dae, is die vyftien lede van die nuwe Studenteraad van die Universiteit van Kaapstad, op 26 Augustus bekend gestel. Geeneen van die ou raadslede het hulself verkiesbaar gestel nie.

Die Studenteraad van UK se funksies is 80% administratief van aard en 20% politieke geïnteresseerd. Die wye spektrum wat die SR dek, kom duidelik na vore in die beleidsverklarings. Dit het

gewissel van die dwelmskewisies by UK tot die voorgestelde grondwet van Suid-Afrika. NUSAS en die UDF (United Democratic Front) het veral groot steun ontvang.

Om die gewone Ikey te betrek, het die SR-kandidate van koshuis tot koshuis gegaan om hul standpunte duideliker te stel. Dit het daartoe bygedra dat sowat 1 500 tot 2 000 studente die sirkus bygewoon het.

Uit die negentien kandidate is vyftien SR-lede verkies. Hier volg kortliks 'n lys van die lede en hul beleidstandpunte:

Nic Borain (voorsitter) steun die studentepers asook NUSAS en UDF. Mnr. Borain was die redakteur van die studentekoerant *Varsity*. Christene Burger moedig

American writer would like to speak to a few deep intellectual Afrikaans persons.

Please reply to DR. JOHN HUND, 12 BROWNLOW ROAD, TAMBOERS KLOOF 8001.

deelname van vroue in verteenwoordigende posisies aan.

Justin Simpson dink dat die SR meer verteenwoordigend van die studente moet wees. Donna Jackson (ondervoorsitter: intern) verteenwoordig die koshuisstudente en verlang 'n groter eenheid op dié kampus.

Joanne Zisman (ondervoorsitter: ekstern) steun demokrasie in opvoeding. Glen Goosen bevrageeteken ook die opvoedingsmetodes op UK.

Howard Lowenthal verteenwoordig die koshuisstudente en verlang meer voordele vir die student.

Graham Fieggen steun Shawco, asook kontak met ander kampusse.

Viv McMenamin (tesourier) steun NUSAS en UDF en verlang politieke veranderinge. Max Ozinsky steun politieke veranderinge en is gekant teen die voorgestelde Grondwet.

Anthony Greenstein glo in dié gematigde standpunt en beveg dus radikalisme op die SR.

Pierre du Plessis (sekretaris en beheer van administratiewe werk) steun beter kontak tussen die SR en kampus.

Francine Gordon steun beter kontak tussen die SR en dié kampus. David Shandler steun politieke veranderinge. Andrew Ball steun demokrasie in dié opvoeding.



IKEYS stem druk in die verkiesing van hul nuwe SR. Die nuwe SR-voorsitter is mnr. Nic Borain.

'Apartheid is against God'

JOHANNESBURG — The Students Christian Association decided at their national conference that apartheid is a system of suppression and that it is against the will of God. They base this opinion on the Bible.

The conference was held during the July vacation at Cyaro near Rustenburg. 250 Students representing twenty campuses nationwide attended it. The chairperson of the SCA, Ms Carolyn Abernethy, said that they hope to include representatives from black campuses next year.

The main speaker at the meeting was the reverend Martin Goldsmith, of the All Nations Bible Council. Mr. Goldsmith, who has done missionary work in the Far East and has written Christian books on Marxism, gave a lecture, interpreting the New Testament in a new way. The rest of the programme consisted of Bible study and

seminars covering a wide spectrum of topics such as the Christian's role in the political and economical sphere in South Africa today.

The national students' council of the SCA, consisting of two delegates from every branch, passed a motion that apartheid is a sin. At their next conference in December this statement and its implication on practical Christianity will be discussed.

Representatives of Stellenbosch attending the conference were, amongst others, the chairman of the Stellenbosch SCA, Mr Gavin Fish and vice-chairman Mr Leon Visser.

Tuks verwerp voorgestelde grondwet

PRETORIA — Die Politieke Komitee van die Universiteit van Pretoria het op 'n vergadering eenparig die ontwerpgrondwet verwerp.

Die komitee, onder voorsitterskap van mnr. Koos Kempis vroeër vanjaar saamgestel om te besin oor sake rakende die politiek. Dit be-

staan uit nege lede wat saamgestel is uit verteenwoordigers van die VSR, Buitelandse, Sateletiekampusse en die Mans- en Dames-oorlegkomitee.

Die vergadering is deur sewe van die nege lede bygewoon. Die twee lede wat afwesig was, mnr. George Diamond en me. Emile Scheepers, het hulle teenkanting met die besluit te kenne gegee deur 'n dag later 'n minderheidsverslag wat die ontwerpgrondwet steun, uit te bring.

Volgens die meerderheidsverslag wat aan die pers bekendgestel is, is die magte van die President omvangryk en nie behoorlik gedeelnieer nie. Die verslag stel ook dat "die sake" nie werklik effektief regeer kan word sonder dat "gemeenskaplike sake" 'n invloed daarop uitoefen nie. 'n Voorbeeld hiervan is die indirekte invloed wat die gemeenskaplike sake "finansies" op die eie sake "onderwys" het.

Daar bestaan 'n risiko van konflikstimulering binne die ontwerpgrondwet. Die komitee is ook van mening dat 'n grondwet verheve bo party-politiek is en dat evaluering van die ontwerpgrondwet objektief sonder 'n party-politieke sentiment en loyaliteit moet geskied.

Die minderheidsverslag verskil van bogenoemde verslag oor die gevolgtrekking wat gemaak is, naamlik dat die ontwerpgrondwet "verre kort skiet aan 'n praktiese pasbare grondwet vir dié komplekse heterogene samelewing binne dié RSA."

Dié verslag raak ook die amp en magte van die President, die moontlikheid van konflikstimulering en die begrippe selfbeskikking en demokrasie.

Die verslag moet nou bekend gemaak word aan die koshuise op kampusse indien die komitee só dan oor voel, sal 'n massavergadering gehou word om die studente die geleentheid te gee om oor die verslag te besluit om só hul amptelike mening bekend te maak.

Raak u Verloof?

lees dan verder . . .

Die besluit om verloof te raak is een van die belangrikstes in u lewe . . . die keuse van die regte verloofing byna net so. Gelukkig is daar 'n diamantdeskundige op wie u kan vertrou en u met raad en hulp sal bystaan.

Spectra Diamante is 'n diamantsaak met eie goudsmeewerke wat diamante en monterings teen groothandelpriese direk aan die publiek verskaf. Besparings van tot 50% is moontlik op kleinhandel pryse.

Daar is 'n groot verskeidenheid verloofringe sowel as los diamante en monterings om van te kies.

Elke diamantring word verskaf met 'n volledige graderings-en-waardasie sertifikaat . . . u waarborg van egtheid en gehalte.

Kom gesels met Jimmy Taylor, hy sal u help om diamante te verstaan en om die beste keuse binne u begroting te maak. Of, skryf vir ons gratis brosjure; "Kies 'n Diamant".

SPECTRA DIAMANTE



Sabelsentrum Nr 7
H/v Voortrekker & Durbanweg
Bellville Tel 97 5552

KWARTEEU-VIERING

ASK wakker nuwe insigte aan

DIE Afrikaanse Studiekring het op 31 Augustus hul vyf-en-twintigste bestaansjaar in die Breughel-teater gevier. Die optrede van die Vlaamse Voordragkunsenaars Tine Ruyschaert by dié geleentheid was ook die hoogtepunt van die ASK se bedrywighede deur die jaar.

Tine Ruyschaert is deur die organisasie "Vlamingen in de Wereld" uitgenooi. Sy het 'n keuse uit die Nederlandse poësie en prosa voorgedra asook 'n wiegiedel deur Elisabeth Eybers. Me. Wolhuter van die Departement Spraak en Voordrag het Middelnederlandse liederes gesing. Prof. F.A. Poneis van die Departement Afrikaans en Nederlands, waarvan die ASK die amptelike vereniging is, het as seremoniemeester opgetree. Die

FOKUS OP . . .

aand is afgesluit met 'n kaas en wyn.

Volgens die ASK se huidige voorsitter, mnr. Deon Nienaber, bied die ASK die student die kans om buite die akademie nader kennis te maak met die taal en letterkunde. Alles word deur die student vir die student gereël.

Vergaderings neem die vorm van informele bespre-

kings aan om sodoende die student te laat debateer oor aktuele sake ten opsigte van die taal en letterkunde. Die vereniging vergader ongeveer twee keer per maand. In 1982 het vergaderings in die Breughel plaasgevind, in 1983 in Die Kelder, maar vir die huidige word probleme ondervind om 'n lokaal met 'n geskikte informele atmosfeer te vind. Die ASK het

volgens mnr. Nienaber 'n ledetal van ongeveer honderd-en-twintig.

Wat die geskiedenis betref is die ASK in 1958 deur Wilhelm Knobel gestig, met Professor Kempen as beskermheer. Vanaf 1959 is sprekers genooi om dit toe te spreek. In 1960 is Professor Kannemeyer as voorsitter verkies. In daardie jaar het die ASK sy hoogtepunt bereik. Twee publikasies, *Woordwêreld* en *Inset*, het verskyn.

Met die voorsitterskap van Leon Strydom (1964-67) het die ASK sy aktiefste jare beleef. In 1969 het Fanie Olivier voorsitter geword. Hy het toe die huidige mondstuk van die vereniging, *Pensiel*, begin. Huldigingsaande is vir die sestigste verjaarsdag van Elizabeth Eybers en D.J. Opperman onderskeidelik in 1973 en 1975 gereël. In die laat sewentigste het die ASK 'n insinking ondervind. Onder voorsitterskap van me. Retha van Niekerk, het die ASK in 1982 weer eens een van sy beste jare beleef.



THE BENTON BROTHERS, a Country Rock band from Cape Town, will be playing in the Neelsie on Friday 16 September.

Cliff Benton, lead singer of the band and their comic "front" man, will lead their act. Their music includes West Coast Country Rock and Rock and Roll. A part of it is a satirical look at country music, featuring well-known people such as John Denver, Bob Dylan, Gé Korsten and Piet Koornhoff.

Sprekers praat teen misbruik van inperking

DIE skeiding van verskillende bevolkingsgroepe lei tot wantroue, en onderdrukking tot haat. Dit is die mening van mnr. Fanyana Mazibuko wat op 'n onlangse SAAK-vergadering gepraat het.

Die onderwerp van die vergadering was: "Inperkings, 'n nuwe beleid?" Die

Mnr. Mazibuko was 'n lid van die Teacher Action Committee tydens die Soweto-onruste in 1976. Hy is net na die onluste vir 'n tydperk van drie jaar ingeperk. Hy het gesê die mag van die regering word voortdurend uitgebrei.



MNR FANYANA MAZIBUKO.

res van die paneel het bestaan uit dr. Hugh Corder, verbonde aan die Fakulteit Regsgeleerdheid op Stellenbosch, en mnr. Andrew Boraine. Beide mnr. Mazibuko en Boraine was voorheen ingeperk.

Dr. Corder het die Wet op Onderdrukking van Kommunisme (1950) met die Wet op Interne Veiligheid (1982) vergelyk. Hy het toe die gevolgtrekking gemaak dat daar min verskil is tussen die wet-

Volgens mnr. Mazibuko lei die skeiding van verskillende bevolkingsgroepe tot wantroue, en onderdrukking tot haat. Alhoewel sy inperking tot fisiese en emosionele ongerief tot gevolg gehad het was sy grootste probleem om te verhoed dat sy seuns 'n irrasionele haat teenoor blankes ontwikkel.

"Ek glo in 'n vreedsame oplossing vir die probleme van Suid-Afrika en verwerp geweld as 'n middel om verandering af te dwing."

Mnr. Andrew Boraine is 'n voormalige president van Nusas. Hy het gesê dat daar eintlik twee verskillende stelsels Veiligheidswetgewing bestaan. Dit wat in die wetboeke opgeteken staan en die "wette" wat die Veiligheidspolisie self maak.

Outoritér

In 'n verklaring van die uittrede Studenteraad word onder meer gesê: "Ons mpen die gesprek tussen die Rektor en SAAK was 'n ope gesprek. Die aantygings dat die Rektor outoritér opgetree het en 'n bespotting van akademiese vryheid gemaak het, is onregverdig. Die indruk wat SAAK gewek het dat die Rektor in die same-sprekings nie tegemoetkomeend was nie, is onwaar."

In reaksie op die Studenteraad se verklaring is SAAK: "Die Rektor se outoritére optrede lê daarin dat hy daarop aangedring het dat net sy interpretasie van die situasie geldig is en dat die vergadering net kon voortgaan as ons voldoen aan sy "oplossing". Ons vind dit in elk geval vreemd dat die SR hierdie verklaring kon maak, aangesien hulle nooit teenwoordig was by enige van die vergaderings tussen SAAK en die Rektor die

Dagbrekers swaar beboet oor gedrag

VYF inwoners van die manskoshuis Dagbreek is onlangs elk 'n boete van R60 opgelê en een student is gevra om die koshuis te verlaat. Die optrede volg op die inwoners se drankgebruik in hulle koshuiskamers na hulle huisdans.

Die koshuistugkomitee het die ses studente gevra om openlik te praat. Die studente het uit vrye wil aan die tugkomitee vertel dat hulle dié aand wel drank gebruik het. Een van die studente be- weer dat hy by die primarius gekla het oor die bedrag van die boete. Die primarius se antwoord was dat die boete nie verander sal word nie, selfs al word die tugkomitee weer byeengeroep. In die afgelope tydperk het die tugkomitee R580 se boetes opgelê.

Elke koshuis het sy eie skaal waarvolgens boetes

opgelê word. Daar is 'n maksimum boete wat vir al die koshuise geld. Indien die studente weier om die boetes te betaal, word hulle voor die universiteitstugkomitee gedaag. As hulle weer weier, kan hulle geskors word. In 'n soortgelyke voorval vroeër vanjaar in Helderberg, is juniors en seniors onderskeidelik R5 en R10 beboet.

Die primarius van Dagbreek, mnr. Bekker Nieuwoudt, wou nie kommentaar lewer nie. Hy beskou die saak as 'n koshuis-aangeleentheid wat die kampus nie aangaan nie. Volgens

mnr. Nieuwoudt moet die studente gestraf word om die orde in die koshuis te handhaaf. Niemand het by hom 'n klag ingedien oor die boetes nie.

Nemesia day held to herald spring

SPRING fever was definitely contagious this year and at Nemesia this was no exception. As soon as the hotel doors closed at 23h00 on

Wednesday 31 August, the first years "sprang" to decorating the entrance for Nemesia Day.

Colours

This year, pink and white were the theme colours. The hundreds of flowers, ribbons and lacey trimmings added a stylish, feminine touch.

At midnight, the Elsenburg serenaders arrived and threw arum lilies to the birthday girls. Simonsberg tipped along shortly afterwards to give them an impressive "Oktoberfest"-style serenade.

At 03h00 some troublemakers from Pieke and Libertas climbed up a rubber tree and threw jasmine into the girls' windows. They also insisted on serenading them with extracts from "Oklahoma".

An extravagant champagne breakfast was held on the footway. Scones, fruit and punch were offered. Simon and Garfunkel's *Wake up little Suzy* was played over the intercom to stir those that had not been given the day off. The intersection flower arranging competition was judged by Mr L.A.P.A. Munnik. The arrangements were of a very high standard this year.

Crowning

At 03h30, the guests and residents flocked to the lounge for the crowning of Miss Blossom, Ronel Lategan, and Miss Spring, René de Wet, by the honoured guest, Morné du Plessis. Everyone enjoyed a scrumptious tea afterwards. Amid the excitement of popping flashbulbs, sticky cream covered fingers and spilt tea some girls headed for the beach where they lost all their inhibitions and performed, splashed and laughed their way through different Broadway Shows. Others

Sithole

Die week is afgesluit met 'n optrede deur Josh Sithole, 'n bekende Kaapse musikant. Cultura beoog om elke jaar twee musiekfeeste aan te bied, sowel as 'n Folkfees voor Karnaal in die bekende Tygerberg-bierent-



VOLKSKAS het pas 'n vyftien-sitplekbusse aan die Studenteraad geskenk. Hierdie skenkling beloop R13 000. Aanwesig tydens die oorhandiging was v.l.n.r. dr. Johan Gouws (van Volkskas se hoofbestuur), Deon Rossouw, prof. Mike de Vries (rektor) en mnr. Floors Brand (bestuurder Volkskas-Stellenbosch).

Musiekfees op Tygerberg gehou

DIE Tygerberg-kampus het so pas 'n kultuurvereniging by name "Cultura" in die lewe geroep.

Aspekte

Cultura poog om drie aspekte van die studentekul-

tuur te dek, naamlik Drama, Films en Musiek.

'n Musiekweek is aangebied van 22 tot 26 Augustus. Verskeie plaaslike kunstenaars (dit wil sê Tygerbergers) het hier opgetree. Een van die hoogtepunte van die week was die etensuurkonsernt wat deur die "klassieke" musikante van die kampus aangebied is.

Pryse is vir die eerste keer aan die beste musikante toegeken. Linda Pretorius is as die "best popular musician" aangewys, met Phil Donaldson as die "best entertainer".


Verkragting bespreek

DIE Kaapse Skiereiland het die hoogste verkragtingsyfer in die wêreld. Hierdie ontstellende feit is aan Stellenbosse studente meegedeel op 'n vergadering van die Damesbelangekomitee op Maandag 29 Augustus. 'n Film "Scream for Silence" wat oor verkragting handel is vertoon en bespreek.

Die bespreking na die film is gelei deur 'n verteenwoordiger van Rape Crisis. Met die bespreking is gepoog om die film, wat baie ontstellend kan wees, in perspektief te plaas.

Me. Lida van der Merwe, wat die vergadering namens die Damesbelangekomitee gereël het, het dit baie jammer gevind dat so baie eerstejaarsstudente vroeg moes loop as gevolg van koshuise-inkomtye. "Hulle het dus almal die bespreking, wat baie belangrik was om die film in perspektief te plaas, gemis," het sy gesê.

Één slim skuif los dié probleem op...



Één berekende skuif na Sanlam los talle loopbaanprobleme op.

Hoe?

Eenvoudig. Sanlam bied jou as syferkundige (graduandus in die Wiskunde, Statistiek, Rekenaarwetenskap of Rekeningkunde) die geleentheid om met verskeie loopbaanrigtings kennis te maak, voordat jy die rigting van jou keuse betree.

Hoekom?

Want Sanlam beseft dat daar oneindige beroepsmoontlikhede is — dat die eerste skuif in 'n werkring nie noodwendig die beste skuif is nie, dat teoretiese kennis, in die praktyk toegepas, soms 'n ander waarde kry.

Die logiese gevolgtrekking:

Sanlam bied jou die beste kans om jou eie potensiaal te ontsyfer, om binne 'n gevestigde

finansiële instelling die beste loopbaan te kies ten einde jou individuele ideale te verwesenlik en te verryk.

Maak een berekende skuif

na Sanlam en / wen, benewens ondervindingsverskeidenheid, 'n lekker salaris, dertiende salaristjek en die sekuriteit van ons uitmuntende pensioen- en mediese groepversekeringskemas. Werk 'n vyfdagweek en skikure. En kwalifiseer vir aantreklike behuisingsvoordele.

Kom werk 'n slim syferloopbaan uit.

Vul die koepon in en stuur dit aan ons, of skakel Kobus van Heerden by 97-1311, bylyn 653 en vra om 'n aansoekvorm.

Aan: Die Personeelbestuurder, Sanlam, Posbus 1, SANLAMHOF 7532.

Ek wil graag my syferkennis op verskeie gebiede toepas om 'n berekende loopbaankeuse te kan maak. Stuur my asb. die nodige inligting (minus enige verpligting, natuurlik).

Naam:


Adres:

.....

.....

Poskode: Tel:

NS: Stuur my asb. ook die oplossing op die aanvanklike probleem (minus vuurhoutjies, natuurlik).



SANLAM GEE U DIE BESTE

Candidates forced to show their colours

THE annual SRC circus took place in the Gat of the Neelsie on Thursday 30 August. It is held to give students the opportunity to ask the SRC candidates questions before the election of the 1983/84 SRC by die newly elected SP.

This year's circus was far more meaningful than that of last year.

After the formalities, the chairman of the outgoing SRC, Mr Deon Roussouw, gave his official report on that organisation's activities during their past year in office.

The spectacle, which sometimes looked like a real circus, could thus proceed. Students were only allowed one question per candidate,

and five minutes questioning time was allowed for each candidate.

'Proportion'

The circus started on a light-hearted note with the first question which was addressed to Ms Karin Strydom (Huis De Villiers): "What are your vital statistics?" She did not answer the

question, but emerged from her predicament by saying that she thought they were all "... in reasonable proportion ..."

Most of the questions asked were politically orientated, with the odd humorous one adding spice to the evening.

SAAK

One of the major issues was the banning of a planned SAAK meeting by the Rector, prof. Mike de Vries. It was to have been attended by SWAPO's joint-secretary for foreign affairs, Mr Niko Bessinger. The Rector banned the meeting because he thought that it would support a biased view.

Ms Strydom said that she thought students at Stellenbosch were mature enough to formulate their own opinions. She was supported by Mr Vonnie Mostert (Wilgenhof), who said he was sorry that the Rector had not allowed the meeting to proceed.

Helmut Pool (Eendrag) declared that he was not in favour of such a meeting. When asked if he knew who the speakers at the meeting were to have been, he said he did not.

Several questions were put to the candidates about their views on the proposed new constitution for South Africa. The constitution was supported by all those candidates questioned. These included: Annami Oosthuizen (Nerina), Werner Obermeyer (Aurora), Niël van der Merwe (Simonsberg), Chris

Jones (Dagbreek) and Nicholas Myburgh (Libertas).

The conflict surrounding the role of *Die Matie* in the student arena still receives much interest. Questioners queued up at the microphones to ask Mr Gert Barnard (Pieke), who helped bring about the "Matie-Monster" earlier this year, questions about his role in the events which led to the abortive mass meeting. In his answers, Mr Barnard said that *Die Matie* had "its role to fulfill as a mouthpiece of the Student Union." He added that *Die Matie* "could not lay claim to freedom of the press since it was bound to the Student Union." Mr Ted Scott (Lydia) was questioned about his administration of advertisements when advertising manager for Radio Matie. He was also asked why he did not arrange enough editorial meetings when editor of *Dinamiek* and why some of the journalists had not been given assignments.

Sokkie

One student asked Mr Scott why Huis De Villiers, who had organised a *sokkie* in conjunction with Radio Matie, never received their sixty percent of the takings, as had been arranged. Mr Scott said that he was unaware of any such *sokkie* ever having taken place.

The evening ended at 10h00 with the SP members retiring to the *Vroueverenigingsaal* to elect the new Stellenbosch SRC.

P. MYBURGH



SRC-candidates nervously await their ordeal at the Circus staged in the Gat last week. The circus was characterised by the attacking, well-researched questions which were put to some of the candidates.

INTERVARSITY-ONGELUK

Toestand van twee Maties bly ernstig

DIE twee Maties wat na Intervarsity in Merrimanlaan raakgery is, verkeertans beide in die Groote Schuur-hospitaal. Volgens 'n woordvoerder van die hospitaal is die toestand van me. Karen Lombard nog ernstig.

Jacques Heydenrych, 'n Ingenieurswesestudent van Helshoogte, was tot onlangs nog in die waakeenhed van die Groote Schuur-hospitaal. Volgens mnr. Strydom Bruwer, primarius van Helshoogte, het Jacques al sy bewussyn herwin, en hoewel hy nog 'n bietjie deurmekaar is, herken hy al mense.

Verlamming

Dr. J.J. Heydenrych, chirurg en vader van Jacques Heydenrych, sê dat sy seun al 'n paar woorde kan sê, maar dat hulle nie verstaanbaar is nie. Dit is te wyte aan

die verlamming van sy sagte verhemelte en van die regterkant van sy gesig. Daar word tans aanhoudend by sy bed gewaak deur sy ouers, wat tevrede voel oor sy vooruitgang.

Me. Karen Lombard, 'n BA-student van Minerva, is nog bewusteloos in die Groote Schuur-hospitaal. Haar kopbeserings is ernstig, en volgens Dr. Heydenrych word daar van tyd tot tyd skanderings van haar brein gedoen om vas te stel of die drukking op haar brein konstant bly of nie. Die bloeding as gevolg van haar kopbeserings veroorsaak 'n obstruksie binne in die skedel, en

dus is die drukking op haar brein nie normaal nie. Dr. Heydenrych sê dat soos in die geval van enige breinbesering kan daar niks oor haar vordering voorspel word nie, en kan die doktors bloot geduldig bly.

Polisie

Dr. Heydenrych sê dat hulle vanweë die feit dat hy en sy vrou al hul tyd by hul seun deurbring, nog nie tyd gehad het om in te gaan op die polisie se ondersoek na die omstandighede van die ongeluk nie.

National holiday staged in Rep. of Helderberg

HELDERBERGERS held their annual Republic Festival between 14 and 21 August.

Michael Edmunds, a participant, commented that, despite the victories of the nicotine-stained champion pipe-smoker, the immovable tug-of-war winners, hand-walkers, champagne-breakfasters and record- and window breakers of the Benson and Hedges Night Cricket, one could have wondered how much triumph there was in success. "One heart-broken individual lay on the ground with a bloodied nose. He had received his due, for he was umpire of the crucial cricket game who had the audacity to call a 'No ball' when there was no 'No ball'!"

A spirit of festivity reigned, however, especially at the concluding House Dance. It seems certain that even in a state of sobriety all Helderbergers, in typical and true modesty, would agree with the summary of their residence's position on campus (in the country — perhaps in the world) given by the above-mentioned contributor: "It was a proud Helderberg, 26 years old and, as those politicians repeat so convincingly, 'It is indeed a republic in its own right', ever since that memorable year (1957) when the Republic of South Africa existed only in the fantasies of Mr Hendrik Verwoerd, who was waiting patiently for Helderberg to lead the way."



Volkskas het 'n mooiloopdiens vir elkeen van jou raap-en-skraapbroekskeurdae.

Jongdae. Moeilike dae. Maar goeie dae. Veral as jou Volkskas-bestuurder jou ken. Hy't altyd een of ander diens om aan te bied. Soos 'n spaarrekening vir daardie wonder-wat-kos-'n-tweedehandse-motor-dae. Studiehulp vir die dis-dalk-beter-om-maar-te-gaan-swot-dae. 'n Tjekboek vir daardie skenk-asseblief-udringende-aandag-aan-hierdie-rekening-dae. Kredietkaarte en 'n kitsbankdiens vir daardie vanaand-gaan-ons-twee-jaar-lank-uit-dae. Begrip en finansiering vir die ons-wil-trou-pa-dae. Plus 'n magdom ander finansiële dienste vir al jou jongdae. Kom gesels met jou Volkskas-bestuurder. Hy verstaan.

Volkskas
Jou bankgenoot deur dik en dun.





DIE heksetoneel is maar een van die hoogtepunte in die poppespel *Die Kampus en die Ruimteprins*, wat op 22 September in die H.B. Thom-teater opgevoer word.

Poppespel is oor kampus en ruimte

DIE KAMPUS EN DIE RUIMTEPRINS is 'n poppespel met 'n punch in 'n totaal ander tradisie as in die bekende *Punch and Judy-show*. Hierdie volwasse poppeteater is daarby ook 'n unieke eerste probeerslag van die aard in Suid-Afrika.

Me. Marie Kruger doen die opvoering as deel van haar honneurskursus in Drama. Sy het self die storie met die hulp van 'n paar kollegas geskryf en reeds in Mei aan hierdie reusetaak begin werk.

Die poppe self is ongelooflik. Sy gebruik staalpoppe wat van agter met drade deur swartgeklede manipuleerders beheer word. Daar is ook drie maskerfigure wat soos marionette beheer word. Die meeste van die poppe het beweegbare monde en sommige kan selfs hul oë rondrol. Die groot verskeidenheid poppe sluit grootvlakfigure (plat papierfigure waarvan sekere dele ook kan beweeg), en skadufigure (figure wat skaduwees op 'n doek werp deur 'n lig agter hulle te plaas) in.

Die manipuleerders is almal eerste- en tweedejaar Dramastudente. Die meeste van die staalpoppe is lewensgroot en die agt voet-pop het drie manipuleerders nodig.

Die poppe is gemaak deur mnr. D. van Niekerk, departementshoof van Skoolkuns by die Departement Opvoedkunde. Die poppe is van 'n

baie hoë kwaliteit.

Alhoewel dit hoofsaaklik 'n bewegingspel is en dialoog van minder belang is, is daar tog 'n interessante intrige.

'n Ruimteprins se besoek aan Stellenbosch word deur die SAUK gedek. Hy land op Coetzenburg, waar 'n rugbyspeler (4de jaar Histories, 3de jaar WP-rugby en eerste jaar Akademies) vir hom die pad na Administrasie verduidelik.

In Administrasie spandeer hy byna die hele dag in etlike kantore tot hy uiteindelik by Prof. 'Bevries' uitkom wat aan hom die 'vryheid' van Stellenbosch gee.

Eerstens besoek hy die Konservatorium waar die opera *Madrasa III* van Deter Snel met interludes deur Dolly Parton opgevoer word.

Hy vlug die straat af en beland in die H.B. Thom-teater. Daar word die Heksetoneel uit Macbeth opgevoer en Piet Koornhof as Hamlet vra weer eens daardie beroemde vraag: Om te wees... of nie te wees nie.

Ten slotte besluit die Ruimteprins om 'n lesing by te woon. Wat hy daarna van die idee van Stellenbosch

dink, moet belangstellendes eerder self gaan uitvind.

Die poppespel word op 22 September in die H.B. Thom-teater opgevoer.

Besprekings kan vanaf 12 September by Teaterbesprekings (Edrich) of die Dramadepartement gemaak word.

LOUISE VILJOEN

Kabaret wil wals met permissie

BELINDA RICHARDSON, André Schwartz, saksofoon, wyntafeltjies en skrapse kleure beteken dis tyd vir kabaret. En as dit boonop Etienne van Heerden is wat die teks verskaf, gaan *Ekskuus vir die Wals* die dorpie laat sidder.

Die titel *Dagvaar die Ooievaar*, 'n *Kwêla vir Mandela* en *Daar's niks wat kan skop soos 'n prikkelpop* suggereer reeds sosiale kommentaar, iets waarvoor kabaret bekend is.

Johann van Heerden, van die Universiteitsteater, is regisseur en word bygestaan deur Anthony Costandius wat die musiek-regie doen en ook vir van die toonsettings verantwoordelik is. Jannie Hofmeyr, Enrique Breytenbach en Arnold Blumer het die ander melodiere verskaf.

Dup du Plessis is die seremoniemeester wat die kabaretgangers deur Afrika gaan lei.

Antoinette Pienaar, Carin Prins en Jannie Hofmeyr gaan saam met Belinda en André sing van onderdrukte erotiek, van huursoldate en bankrekenings in Switserland, van plakkers en ossewaens, pigment en stamboom, piesangrepublieke en matrose. Faan Malan, Keith Coxen, Hans Huyssen, Bill Maliepaard, Jannie Hofmeyr

Take a walk on the bright side

FILMREVIEW:
BREATHLESS

STARRING: Richard Gere; Valerie Kaprisky
Director: Jim McBride
Music: Jack Nitzsche/Jerry Lee Lewis/Dexy's Midnight Runners/Fripp and Eno/King Sunny Adè and others.

Well, it had to happen. An American director has the effrontery to exhume a minor classic of the French New Wave (Godard's *A Bout de Souffle*), and his film incurs the wrath of name-dropping cine-hacks all over the world. An unfair fate, methinks.

Unlike the original, *Breathless* is set in contemporary America — an America that dredges up its values and credos from the pages of pulp literature and comic-books (bless them), where the notion of good taste is given a tawdry twist. *Breathless* is a trip down the neon-lit lane of popular culture and bright banality; a crude cinematic caricature of an unholy (but unwholly so) co-

mically kitsch-culture; a quaint collage of people living their dreams, no matter how mundane or extravagant.

Its characters are as boldly and selectively outlined as those in any comic-book. What you see — the immediate and apparent — is all that matters. And you see Jesse: a charismatic hustler ceaselessly finding excitement in the everyday, somehow drawing hope from the very pits of despair. A limited man living limited life with boundless zeal — a man to do Sartre proud. The only problem is that he has never heard of Jean-Paul. He settles for the noble and forlorn Silver Surfer, an Atlas-like cartoon super-hero struggling to save mankind from the apocalypse. A co(s)mopolitan guru-gliadiator guiding a simple, spirited man.

Jesse is somewhat of an anachronism: a grown-man propelled by an adolescent vigour, a 1950's hipster in 1983. He is, too, a caricature of The American Man — that near-mythical being who pursues a goal with single-minded intent, who cares little for the niceties of culture... who dies with his boots on; the star-spangled man of Reagan's dreams.

Planning to elope with Monica, an erstwhile one-night-stand of his, Jesse steals a car in Las Vegas and sets off for Los Angeles. His plans take a tumble when, having (unintentionally) dis-

posed of a policeman, he becomes a hunted killer. In the circumstances, a lengthy visit to Mexico would seem a good idea, and Jesse intends doing just that — once he has cemented his relationship with Monica and stabilized his precarious financial position.

Monica, being French, is none too impressed by Jesse's chaotically unorthodox approach to romance: he breaks into her apartment, barges into an exam-session, and drags her from one dusky haunt to another. Before long, though, his coruscating manner sparks Monica's suppressed enthusiasm.

As befits a film so unassuming and uncluttered, their relationship is charged by plain, gut-spawned infatuation — none of the airy, rose-tinted titillation of popular romance. For a while their desires match and the air smoulders. *Breathless*. (Snag is that the censors, guided by their Calvinistic wisdom, are still in the habit of shielding our virginal eyes from the more intimate workings of sexual chemistry — so much for the age of enlightenment.) But their bliss is brief. The law closes in, money and luck run out. The stage is set for a good ol' tongue-in-the-cheek (in more ways than one) B-grade romp on the wrong side of the law...

In *Breathless* Gere's acting is much less obtrusively mannered than it was in

Looking for Mr Goodbar — to the extent that his performance often suggests a complete involvement and identification with Jesse. Little about Jesse needs to be implied (he *is* what he *does*), but Gere, nonetheless, deserves praise for the credible and pulsing vitality he injects into Jesse.

Newcomer Valerie Kaprisky's performance, although somewhat marred by her strangely inflected English, is deceptively adequate. She exudes a bubbling, mischievous sensuality and does well to draw Monica as an enchanted, yet ill-at-east outsider in America.

But it is director Jim McBride's mocking touch that lends *Breathless* much of its bright buoyancy. What he unfolds before our eyes is a garish celluloid-comic, at times deliberately cheap (the crude shots of Jesse driving through the desert), at times deliriously chic (the glorious finale). Barring Monica, his characters are heavy-mannered cut-outs from a gauzy culture (a point he drives home in a novel way — watch for the street-mural and cinema scenes). He dresses them loudly and ludicrously, rids them of taste and tact, and has them forever mouthing pink clichés: As it is, Monica (the only foreigner) is the only person to see through this gaudy charade, but, ironically, even she relies on a cliché to express her insight: "I look and look into your eyes, Jesse... and I see nothing."

At times McBride's parody does turn coy and clumsy, especially when he restricts himself to the couple's *amour*, or resorts to heavy-handed suggestion. The film could have benefitted, too, from looser, more mobile camera-work (a technique that characterized Godard's original). But *Breathless* casts such an invigorating spell that it is difficult not to move to its beat. And the *beat* is mesmerizing: veering from raucous rock to ethereal moodiness, from nimble Afro-pop to wailing Celtic-soul — the best soundtrack in years.

You will certainly see better films this year, but few as downright thrilling as this one; and the final scene! well, just wait for it...

HEIN MARAIS

mene belang word geraamtes uit kaste gehaal. Nie net die spelers nie, maar ook elkeen van ons word op oortuigende wyse verhoor. 'n Mens wonder net of die verreikende gevolge uiteindelik deur die suiweringsdoel regverdig word.



ALBERT MARITZ

Die hoofspelers is Gustav Geldenhuys (Samuel Parris), Cecile de Jager (Abigail Williams), Antoinette Pienaar (Ann Putnam), Nicola van Walt (Mary Warren), Albert Maritz (John Proctor), Libé Ferreira (Elizabeth Proctor), Belinda Richardson (Rebecca Nurse), Freddy Aylward (Giles Corey), Robert Finlayson (John Hale), Neels Engelbrecht (onder-goewerneur Danforth) en Isadora Verwey (Tituba).
STEFANIE HEFER

en Anthony Costandius speel die klavier, saksofoon, kontrabas, Franse horing en tromme.

Ekskuus vir die Wals word



aangebied van 15 tot 22 September. Besprekings kan gedoen word by Teaterbesprekings (Edrich). Die toegang is R3,50 per persoon (wyn ingesluit).

THE CRUCIBLE van Arthur Miller, opgevoer in die H.B. Thom-teater van 2 tot 3 September en van 8 tot 10 September. Regisseur: Noël Roos.

Die musiek en dekor waarmee die gehoor onmiddellik gekonfronteer word, bring 'n onheilspellende en onnatuurlike atmosfeer tuis. Die geslaagde dekor, wat doelbewus neutraal en eenvoudig is, bly deurgaans dieselfde.

Die sentrale tema van konflik tussen die individu en gesag (in die vorm van *die kerk/die hof*) word reeds in die eerste toneel deur John Hale (Robert Finlayson) uitgespel as hy sê: *It is the best the devil wants, and who is better than the minister?* Die gehoor se simpatie begin dan reeds huiwer tussen die twee pole, danksy puik spel gelewer deur beide Parris (Gustav Geldenhuys) en Hale. Dit is jammer dat eersgenoemde se woorde moeilik hoorbaar was.

Die stuk was lank, maar boeiend tot die einde. Sen-

DUP DU PLESSIS, Karin Prins, André Schwartz, Antoinette Pienaar, Jannie Hofmeyr en Keith Coxon (tromspeler) in *Ekskuus vir die Wals*, wat van 15—22 September in die Libertas-teater opgevoer word.

THE CRUCIBLE

Ons hang hulle vandag nog

trale gedagtes het duidelik uitgekom en die stuk is tot so 'n mate relevant dat elkeen daarmee kan identifiseer en iets daaruit kan haal wat op homself van toepassing is.

Die uitstekende beligting en musiek lewer 'n sterk bydrae tot die atmosfeer wat deur die goeie spel geskep word. Veral in die opening van die vierde bedryf word daar op dié manier 'n somber, vasgekeerde atmosfeer geskep.

Dit is moeilik om te sê wie die meeste beïndruk het, maar ek dink Belinda Richardson, Isadora Verwey, Robert Finlayson, Nicola van der Walt en Albert Ma-

ritz verdien spesiale vermelding.

Neels Engelbrecht het soos gewoonlik puik spel gelewer en dit kon lyk asof die rol van die onder-goewerneur, Danforth, vir hom geskryf is. Nie een speler het lomp in sy/haar rol vertoon nie; selfs Cheever (Herman Steyn) het die rol van burokratiese hofbeampte sy eie gemaak.

Daar was baie kragtige en oortuigende tonele, veral dié tussen John Hale en Tituba in die eerste bedryf en dié tussen John Proctor en sy vrou Elizabeth in die tweede en vierde bedryf.

In die stuk word daar in die Naam van God wonde oopgekrap en in die alge-

digtersdebuteer digtersdebuteer

VAN MY WERKLIKHEID

Deur die geslypte lens
Van my werklikheid
Staan jy bewegingloos
Afgedruk,
Soos teen die silwerkoue
Aandlug —
Met nog net die rou ink
Wat lewend vloei
En na wese ruik.

LOUIS BOTMA

silver pebbles

J U W E L I E R S B O E T I E K

Verloof raak?

Dit was nog nooit so maklik nie

Silver Pebbles het tans 'n skitterende verskeidenheid diamante. As u iets spesiaals in gedagte het, is Silver Pebbles die plek waar u dit sal vind. Ons sal die diamant van u keuse set in die ring van u keuse.

Trust Banksentrum, Stellenbosch Tel. 6150


LILLY FRIEDLAENDER

Modern en gemaak
na elke smaak

LILLY FRIEDLAENDER is 'n goudsmid wat voorsien in die behoeftes van diegene wat soek na 'n alternatief vir alledaagse, kommersiële juweliersware. Sy het 'n knus klein ateljee en gallery in Kerkstraat 31, Stellenbosch. Haar handgemaakte stukke is fyn, modern en verbeeldingryk, en elke stuk is uniek gerealiseer volgens die kliënt se smaak.

Nadat sy in 1973 die kursus in juweliers-ontwerp aan die Departement Beeldende Kunste voltooi het, het sy oorsese studeer, daarna by 'n maatskappy gewerk en gedoseer, en toe haar ateljee hier gevestig. Me. Friedlaender ontmoet 'n wye spektrum interessante mense in haar beroep, en moes al items vervaardig soos 'n houder vir 'n tandestokkie, 'n metaalbladwyser en 'n goue band vir die kop van 'n wandelstok.

Die kliënte wil gewoonlik 'n ring of 'n hangertjie vir 'n spesiale geleentheid soos 'n



'n VOORBEELD van me. Friedlaender se handewerk.

verlowing hê, en deur 'n informele gesprek kry sy dan 'n idee van die persoon se smaak en hoe die stuk min

HARTMANN

Conserve erf
versameling

DIE Konservatorium van Stellenbosch het op 1 Augustus 'n bemaking uit die boedel van wyle me. Jossie Hartmann, die weduwee van wyle dr. Hartmann ontvang.

Hierdie waardevolle toevoeging tot die biblioteek bestaan uit ongeveer 600 plaatopnames. Dit dek nagenoeg die hele musiekspektrum, en sluit primitiewe musiek sowel as twintigste-eeuse komponiste soos Stockhausen, Boulez en Benoit in.

Daar is instrumentale en vokale werke. Die versameling bevat ook opnames van Universiteitskore van Stellenbosch, Potchefstroom en Rhodes, die Kerkkoor van Stellenbosch-Sentraal, jeugkore van Natal en die Vrystaat en die Drakensbergse Seunskoor.

'n Belangrike deel van die versameling is transkripsieopnames deur die SAUK, wat werke insluit van Arnold van Wyk, Henk Temmingh, Hubert du Plessis en Stefaans Grové. Die *Messias* van Händel, onder leiding van Edgar Cree, wat in Afrikaans vertaal is deur W.E.G. Louw en Rosa Neppen, is ook ingesluit. Daar is 'n aantal kommersiële opnames van ligte en klassieke musiek, en transkripsieopnames waar dr. Hartmann as dirigent optree.

Me. Hartmann, ook bekend as die sopraan Jossie Boshoff, het ook vokale bladmusiek, opera-oratoria en kantate-partiture nagelaat. Hierdie musiek is in 'n uitstekende toestand en is 'n waardevolle aanvulling vir die biblioteek se vokale bladmusiekversameling. Die boekversameling sluit boeke in oor musiekgeskiedenis,

of meer moet lyk. Me. Friedlaender neem nie spesifieke opdragte aan nie, want dit plaas 'n beperking op haar kreatiwiteit. In-dien die deur Marthé le Roux

Haar kliënte verkies meestal tradisionele materiale soos goud, silwer, pèrels en diamante, al is die ontwerp nie tradisioneel nie. Sy hou van agtien-karaat geelgoud, en kombineer op vernuwend wyse metale met tekstiele. So het sy in een geval 'n syntossels in skakerings van pers, klein kraletjies en selfs veertjies gekombineer. Sy werk nie graag met nege-karaat goud nie, omdat dit te grof en onsuiver is, en hou ook nie van ivoor nie.


Die uitstallingslokaal van haar ateljee is eintlik 'n gallery, waar sy en ander skeppende juweliers, onder andere mnr. Dieter Dill, lektor in juweliers-ontwerp by Beeldende Kunste, kan uitstal. Die gallery is oop vir die publiek en kliënte, en die glimmende juweliersware is 'n plesier vir die oog vir elkeen wat kom inloer. Onder die items wat uitgestal word is 'n verbeeldingryke klein borsspel deur Olga Potgieter wat in haarfyne detail 'n geplaveide gangetjie uit-

beeld.

Me. Friedlaender sê dat haar jaar by die maatskappy haar baie gehelp het met die sake van die bedryf. Daar het sy geleer om onder druk te werk, netjies en geïnteresseerd te wees in die voorname juweel-ontwerper aan om eers sulke praktiese ondervinding op te doen.

Sy moet 'n hoë produksiepeil handhaaf weens haar baie kliënte en daarby behartig sy die besigheid alleen — alles van vloere vee tot kliënte raadgee en metale smelt. Sy adverteer nie die gallery of die ateljee nie want sy het reeds oorgenoeg kliënte om haar mee besig te hou en daarby dien haar juweliersware as advertensie vir haar talent.

Sy kry die inspirasie vir haar werk onbewustelik uit die omgewing, en sê sy met 'n glimlag, wanneer sy rêgtig geïnspireerd is, voel dit asof iets wonderliks haar beetpak en dit nie sy self is wat die stuk geskep het nie. Dit is duidelik dat Lilly Friedlaender se beroep as goudsmid veeleisend is, en haar benadering tot haar werk is professioneel en vol entoesiasme. Die Departement Beeldende Kunste kan tereg trots wees daarop dat sy een van hul oud-studente is.



JEWELRY designing demands endless hours of detailed work, as shown by these pieces on display in the US Art Department.

ERIKA HEFER

PLATEPETALJES


Police sing kronies
sinkroniese klankeTHE POLICE:
SYNCHRONICITY

NIEMAND het nog ooit probeer voorgee dat hy na *The Police* luister weens die intellektuele diepte van hulle lirieke nie. Maar almal is betower deur reëls soos: *Every breath you take/I'll be watching you*.

'n Mens kan Sting ook nie die skerpste wysiemaaker van die dekade noem nie. Tog praat hulle in Engeland van die grootste wit (sic) liefdesliedjie sedert *Cinnamon Girl* (Neil Young). Dis nou ook *Every breath*. Dit moes moed'gekos het om ná die mislukking van *Ghost in the Machine*, plus 'n chaotiese tv-debuut (*Brimstone and Treacle*) 'n rigting so nuut soos dié plaat s'n in te slaan.

Soos die Duitse new waw-

ers met groot sukses doen, werk Sting 'n bietjie Afrika by (*Walking in your footsteps*), *Oh my God* is dalk konvensioneel TP, maar *Mother* is 'n ongekende hoogtepunt. Mense! Kan ou Andy Summers regtig so sensitief wees? Alle pote is nie plat nie. 'n Flouerige toertjie



is om deel een van die titelsnit op kant twee te plaas en deel twee op kant een. Dis net so interessant soos boostaande sin. *Miss Gradenko*, puik. Die



IN haar knus klein ateljee ontwerp me. Friedlaender juwele na elke kliënt se smaak.

Foto: Anso van Zyl

Jewelry design for
budding Fabergés

THE story of man is inwrought with his love for precious metals and fine jewelry. Jewellers like Benvenuto Cellini, Georges Fouquet and Carl Fabergé, to name but a few, have gone down in history as the finest exponents of this exquisite artform.

For those students who fancy themselves as budding Fabergés, the Art Department of the University of Stellenbosch offers a four-year course in Jewelry Design. Mr Dieter Dill, lecturer in Jewelry Design at the Department, is a fine and recognised jeweller himself.

In the first year the students do only the basic art course, but start to specialise in jewelry design from the second year onward. After graduation there usually follows a year or two of apprenticeship. Then some may go into designing and

manufacturing in their own jewelry design studios or set up a jewelry-shop.

The aim of the course is to develop the potential and individual style of each student. They favour a modern approach, because the students will have to cater for tomorrow's tastes and will have to cope with the reality of the future.

The students use mostly silver, since gold is much too expensive. Non-precious alloys are also used, as well as semi-precious alloys. A student produces approximately six to eight pieces a year.

The materials and tools are of course expensive, and are supplied by the Department, so that the finished jewelry is owned by the University for the first two years after the students graduate. Thereafter, the students can sell their creations to clients they've probably already acquired. The Department sells the pieces to them at the going price of the metal per ounce, depending on what

the piece consists of.

There are usually no problems with jobs or clients. The course differs from that offered at most Technicons, in that it is longer, more design than technically orientated and of a higher standard.



DIETER DILL

Mr Dill holds the belief that one cannot teach jewelry design unless you practise the art yourself. Without doubt, this course appears both profitable and stimulating.

MARTHÉ LE ROUX

Stokperdjie word
daaglikse brood

'n WATERVERFUITSTALLING deur Phil Cloete open Dinsdag 6 September in die Edrich-kunsgallery. Die uitstalling word om 19h00 deur mnr. Faans Klopper van die Internasionale Geestelike Ambassade in Jerusalem, geopen. Dit duur tot 16 September. Hy het 'n jaar opleiding ontvang van die bekende Kaapse waterverfkunstenaar, mnr. V.M. Fitzroy. Sy beplande argitektuurloopbaan het nie gematerialiseer nie en 'n loopbaan in bankwese het gevolg.

As 'n lonende stokperdjie en bykomende inkomste het hy begin skilder. Sy werke was so gewild dat hy besluit het om voltyds te begin skilder. Hy het aan verskeie groepsuitstalling saam met Kaapse kunstenaars soos Gordon Zege, Eric Wale, Lucy Wiles en Guy Todd, deelgeneem. Sy eerste eenmanuitstalling was in April 1981 in Kaapstad. In September 1981 het hy vir die eerste keer in Johannesburg uitgestal. Sedertdien het hy verskeie eenmanuitstallings gehou.

Drie van sy werke is deur Southern Life gekies vir 'n kalender in 1981. Die Caltex maatskappy het ses van sy werke gekies vir 'n kalender in 1983. Verskeie van sy werke is in privaatversamelings in Suid-Afrika, Nieu-Seeland, Australië, Brittanje en die VSA. Drie van sy werke is deur Southern Life gekies vir 'n kalender wat in 1984 gaan verskyn.



Cobwebs
Dorpstraat 145, Stellenbosch

Kerse Klere
Vinotique: Bierglase met U.S. wapen
Spaanse wynsakke



l'Art

STEL BEKEND:
RUDOLF NUREYEV

NUREYEV het sy uitstaande fisiese behendigheid te danke aan die beste skool ter wêreld — die Leningrad Balletskool. Nadat hy gegradueer het as die beste student van die skool, het hy by die Kirov-balletgeselskap aangesluit.

Tydens een van die min oorsese toere van dié Russiese geselskap, het Nureyev in Junie 1961 om politieke asiel in die Weste gevra. Hy was 23 jaar oud. Vandag, op die ouderdom van 45, dans hy, soos hy dit self stel, beter as ooit. Hy glo dat sy spiere hom nog nooit so goed gehoorsaam het nie.

Die tegniek waarop hy sy kuns baseer, is om sy bewegings van een liggaamsdeel na 'n ander te laat vloei. Dit is 'n kuns wat Rodin of Da Vinci sou verstaan, waar die



RUDOLF NUREYEV

liggaam deur sy eie sensitiewe sensuïteit 'n soort geestelike suiwerheid uitdruk.

Dit is 'n amper onmoontlike taak om 'n danser te beskryf aan iemand wat hom nog nooit sien optree het nie. 'n Mens kan probeer om alle dansers in twee kategorieë te verdeel: die "honde" (sterk, aktief, tegmes briljant) en die "katte" (teruggetrokke, buierig en onpeilbaar.) Rudolf Nureyev is ongetwyfeld 'n "kat". Sy Tartarse onvoorspelbaarheid en humeur het aan hom al meer vyande as vriende besorg.

Dans het egter nie net tegniek nodig nie, maar ook interpretasie — en hier is Nureyev uitstaande. Hy deurduik elke rol en breek weg van die klassieke vertolking deur sy eie vitaliteit en verbeelding. *I had wanted to show a bird, not softly moving his arms and body as if poised for some gracious but meaningless flight, but a bird with a strong desire to really fly away, see the world and break loose from familiar surroundings* (as die *Blue Bird* in *Sleeping Beauty*).

Nureyev is 'n virtuose romantikus, 'n rare verskynsel, en hy het 'n standaard gestel wat slegs deur die heel bestes bereik sal kan word.

LOUISE VILJOEN



Die Matie

Donderdag 18 Augustus 1983



Akademiese vryheid word onderdruk

MEER stemme van protes behoort uit studentegeledere op te gaan oor 'n geval soos die onlangse SAAK-vergadering wat afgestel moes word. Die sprekers het onttrek weens die Rektor se inmenging. Dit is in die laaste instansie die student se reg om uit te vind en wyd te luister, wat deur die owerhede ingeperk word.

Owerheidsinmenging is soms baie onakademies. Die gebalanseerdheid van 'n paneel is skynbaar slegs in sommige gevalle belangrik. Talle sprekers soos Biskop Desmond Tutu, mnr. Jaap Marais en mnr. Daniel Tjongarero van Swapo het reeds voorheen sonder probleme alleen op 'n Stellenbosse verhoog opgetree.

Om sprekers soos dié van die Namibië-vergadering te hoor is 'n geleentheid wat Stellenbosse studente min sal kry. Die belangrikste kriterium in 'n geval soos hierdie behoort die stimulering van oop denke en blootstelling van studente aan baie standpunte te bly.

Argumente oor die Universiteit se beeld, die donateurs en ook byvoorbeeld die "oud-Maties in Suidwes" word te dikwels misbruik om akademiese vryheid te onderdruk.

Persprobleme is baie algemeen

'n STUDENTEKOERANT is nie in die eerste plek daar om die beeld van die universiteit uit te dra nie, maar om oop berig te kan doen oor alle kampsgebeure. Dit is die mening van die Afrikaanse Studente-persunie (ASPU) wat ALLE ander Afrikaanse studentekoerante verteenwoordig. Op die onlangse ASPU-kongres is verder besluit dat te veel inmenging deur die owerhede onwenslik is. 'n Studentekoerant moet objektief en sonder huiwering alle feite oor kampsgebeure moet kan weergee, anders verloor die koerant sy funksie.

Hierdie uitsprake is veral betekenisvol in die lig van al die beskuldigings wat teen *Die Matie* gerig word. Dat soortgelyke probleme orals opduik, bewys dat die redes daarvoor lê in die min begrip van die funksie van 'n koerant, asook die soort gesagstrukture wat op al die Afrikaanse kampsusse geld. Dit is veel wyer as die gewilde (en wilde!) bewerings dat *Die Matie* "deur 'n kliek gekaap is" en dat die probleme slegs op Stellenbosch opduik.

SENIOR REDAKSIE

HOOFREDAKTEUR: CORINNE OOSTHUIZEN, Nemesia (Tel. 6592)
 REDAKSIEKANTOOR: Langenhovensentrum nr. 435, 436 en 438 (Tel. 72332)
 BOODSKAPPE: Sekretaresse, SR-Kantoor, LSS (Tel. 70 138); Posbus nr. 20
 ASSISTENT-HOOFREDAKTEUR: COBUS SMIT, Eendrag (Tel. 72610)
 ADVERTENSIEBESTUURDER: STEVE ROSENDORFF, Jonkershoekweg 42 (Tel. 4942 (na ure) of 5257)
 HOOFNUUSREDAKTEUR: FINLAY TAYLOR, Dorpstraat 57 A (Tel. 74130)
 AKTUELE REDAKTEUR: VAKANT
 NUUSREDAKTEUR: VAKANT
 SPORTREDAKTEUR: HUGO LAMBRECHTS, Majuba (Tel. 2010)
 KUNSREDAKTEUR: STEFANIE HEFER, Nerina (Tel. 2042)
 SOSIALE REDAKTEUR: CARINA KOEN, Monica (Tel. 3118)
 INTER-UNIVERSITÊRE REDAKTEUR: ERIC LE GRANGE, Huis Marais (Tel. 6500)
 TAALREDAKTEUR: LEONI HOFMEYR, Zimbabwe 3, Borcherdstraat (Tel. 4954) en CAROL CHRISTIE, Monica (Tel. 3118)
 HOOFFOTOGRAAF: GRAHAM VAN HEERDEN, Louwstraat 12, Durbanville (Tel. 021-963401)
 SPOTPRENTEKENAARS: FRANS BASSON, Majuba; ANDRIAN LOUW, Majuba

Aansoeke ingewag


Aansoeke word ingewag vir die volgende poste in die redaksie van *Die Matie*:

Aktuele redakteur	Hoofverspreider
Nuusredakteur	Sekretarisse
Taalredakteur	

Aansoeke word ingewag vir die volgende poste in die redaksie van die *Akkerjool* '84:

Hoofredakteur	Tipograaf
Sub-redakteur	Sekretarisse
Fotografie (2 poste)	Verslaggewers (4 poste)
Spotprentekenaars (2 poste)	
Organiseerder — Mej. Akkerjool	

Aansoeke, vergesel van 'n lys van relevante ondervinding kan gerig word aan: Die Voorsitter: Publikasiekomitee, SR-kantoor, LSS, STELLENBOSCH 7600. Sluitingsdatum: 12h00 op 16 September 1983.



Op die kampus het 'n saak soms té veel kante.

Kontak tussen vakrigtings is nou nodig

DEUR middel van die literêre kritiek word daar noodwendige kontak tussen verskillende vakrigtings bewerkstellig, sê prof. J.J. Degenaar, hoogleraar aan die Departement Politieke Filosofie. *Die Matie* het met dié bekende filosoof gaan gesels nadat hy onlangs teruggekeer het van 'n kongres van *The School of Criticism Theory*, wat aan die Northwestern University by Evanston in die VSA gehou is.

Dink u dat kontak tussen verskillende vakrigtings van groot belang is?

Om inter-dissiplinêr te beweeg, beteken eerstens om bymekaar te kom om verskillende benaderings bymekaar te bring. Op Evanston was die probleem van inter-dissiplinêre kontak nie primêr nie. Dit was wel ter sake, aangesien die kongres bygewoon is deur mense uit verskillende vakgebiede. Daar was ook verteenwoordigers van die hoofrigtings in die moderne literêre kritiek, sodat bepaalde temas vanuit verskillende benaderings bespreek is.

Voel u dan dat daar elders in die wêreld 'n groter poging bestaan om die verskillende vakrigtings bymekaar te bring?

Dit lyk vir my asof daar maar orals in die wêreld, ook in Suid-Afrika, 'n gebrek is aan inter-dissiplinêre kontak. Daarmee saam gaan 'n gebrek aan belangstelling in die literêre kritiek. Die mense wat dit wel doen, doen dit op hulle eie; daar bestaan nie die nodige kursusse nie. Nou, die naaste wat jy daaraan kom, is wanneer jy 'n kursus in vergelykende literatuurstudie kan doen. Ikeys loods nou só 'n projek. Binne so 'n studie word jy as 't ware gedwing om buite jou departementele benadering te beweeg, en moet jy ook teorie ernstig opneem.

U dink dus dat 'n mens 'n literêre werk nie net binne jou eie departement kan lees nie?

Nee, jy kan nie. As 'n mens mooi na die leesproses gaan kyk, sien jy watter wêreld daarin opgesluit lê, watter vakke almal betrokke raak. Daar is die Sosiologie, die betekenis en taal waaruit die digter praat, die eties-politieke ontvangsituasie van die

mens wat die gedig lees, ens. Ek wil dus by die lees van 'n gedig vra: waar is die historici, die sosioloog, die politikus, die etikus? Dit klink miskien belaglik, maar volgens my is dit nodig.

Wat sou die faktore wees wat so 'n gebrek aan kontak laat ontstaan?

Daar is seker baie redes daarvoor: historiese redes, wat te make het met die uitbou van departemente en fakulteite, maar daar is ook persoonlike redes.

MAGSBELANGE

Mense wil hulle eie wêreld as 't ware verdedig en beman. Daar is 'n soort politiek agter doseer, waar magsbelange in ag geneem moet word.

Reken u mense kan selfs bedreig voel?

O ja, mense voel bedreig. En ook, as jy bv. 'n strukturalis is, sal jy tog nie geïnteresseerd wees in wat die dekonstruksie sê nie, want dit gaan lynreg in teen wat jy doen. Mens gaan tog nie iemand ernstig opneem wat alles wat jy doen en vir jou studente leer oor drie jaar, tot niet verklaar nie. Mens kan so iets tog nie aanvaar nie.

Is dit werklik nodig dat die verskillende benaderings mekaar tot niet hoef te verklaar?

Nee, en daarom is dit nodig dat hulle bymekaar kom, dat hulle saamwerk. Feite blyk egter dat sommige mense, a.g.v. hulle belangstellings en persoonlikhede, meer geneig is tot inter-dissiplinêre kontak. Baie mense keer as 't ware vir hulle paaltjies, en daardie bedreig-voel is 'n ernstige ding. Nee, ek dink 'n mens sou 'n algemene stelling kon waag dat jou inter-dissiplinêre benadering

maar net in sy kinderskoene staan. 'n Mens kan maar net die hoop uitspreek dat die situasie vinnig sal verbeter.

Op watter maniere kan die situasie binne ons universiteitsopset verbeter word?

Ek dink dat semesterkursusse baie effektief kan wees om kontak te bewerkstellig word. 'n Student hoef net één van vier semesterdele van 'n vak te loop. 'n Student in Afrikaans en Nederlands sou bv. 'n semesterkursus in ironie by die Departement Filosofie kon loop, indien dit sou aansluit by 'n studietema waarmee hy in sy eie departement besig is. Op hierdie manier word daar aan die student 'n ruimer gebied gegee om in te beweeg.

Die inisiatief om so iets te doen, sou egter van die dosente moes kom, of hoe?

Ja, en sover wou die mense dit nie eintlik doen nie. Dit beteken natuurlik dat jy minder beheer het oor jou eie studente, omdat jy hulle toelaat om in en uit te beweeg. Mense wat daarteen is, sê dit lei werklik tot versplintering.

Dit klink asof so 'n dosent dan 'n redelike magsposisie teenoor sy student inneem?

Ja, dit hang saam met die magskwessie. 'n Universiteit is 'n plek waar mag geld en departemente is magsinstellings. Die hoof van 'n departement het dan ook 'n bepaalde mag, wat verband hou met bepaalde benadering. So kan 'n departementshoof bv. bepaal of Afrika-literatuur bestudeer moet word of nie. In so 'n geval kan 'n magstryd ontstaan tussen dié wat glo kwaliteit is 'n belangriker kriterium, teen-

Matie-Gesprek

LEONI HOFMEYR gesels met



PROF.

J.J. DEGENAAR

oor dié wat glo dat sosiale belang as kriterium behoort te geld. Die sterk belang word dan bepalend.

Maar wat van die student? Moet hy dan nou maar net 'n bepaalde benadering "oorneem"?

Ja, in 'n groot mate. Maar die student behoort in 'n relatiewe sin onafhanklik te word deurdat hy krities geleer moet word binne die beperkinge deur die dosent se benadering gestel. Ek voel egter weens dat wanneer literêre kritiek deel sou wees van 'n kursus, daar 'n meer onafhanklike situasie sou ontstaan. As jy literêre kritiek inbring, moet wat die dosent doen, krities beskou word — nie net krities binne wat hy doen nie, maar selfs dit wat hy doen. Literêre kritiek maak die student bewus van verskillende benaderings.

Dit is dus belangrik om binne een departement van verskillende benaderings bewus te word?

Ja, en ek wonder soms of die mense van 'n spesifieke departement bietjie bymekaar kom en oor die dinge gesels. Ek het 'n idee hulle doen dit nie genoeg nie, natuurlik ook soms oor persoonlike redes. En hier is inter-dissiplinêre kontak so oulik: daar word jy gedwing om jou idees te verteenwoordig en persoonlike verskille te deurbreek.

POLITIEK

Ag, daar is soveel moontlikhede — maar dit lyk vir my dis soos die politiek van dié land: mense wil nie regtig bymekaar kom en dinge uitsorteer nie.

GRONDWET-PROTES

UDF: Massabeweging vat vlam in Wes-Kaap

DIE United Democratic Front (UDF) kan die grootste en belangrikste massabeweging in 'n kwarteeu van Suid-Afrikaanse geskiedenis word, het dr. Alan Boesak, president van die Wêreldbond van Gereformeerde Kerke op Saterdag 20 Augustus by die UDF se stigtingsvergadering gesê.

Die vergadering, wat in Rocklands-burgersentrum op Mitchell's Plain gehou was, het wêreldwye aandag geniet, en is in die loop van die dag deur omtrent 13 000 mense bygewoon.

Helen Joseph

Op die hoogtepunt van die dag was daar 9 000 mense wat in en om die gebou na die sprekers geluister het. Behalwe dr. Boesak, het Helen Joseph, een van die stigters van die Federation of South African Women, en Sheikh Nazeem Mohammed, president van die Muslim Judiciary Council, ook die gehoor toegesprek.

Dr. Boesak het in sy toespraak gesê dat Suid-Afrika aan al sy mense, wit en swart, behoort. "Vir die ontwil van ons kinders, of jy nou wit of swart is, moet ons teen die ondersteuners van Apartheid saamstaan, of hulle nou wit of swart is," het hy gesê. "Ons doen wat ons doen nie



Die massavergadering is deur byna agt maande van beplanning en samespreking voorafgegaan: Die idee van 'n demokratiese front is op 23 Januarie gebore toe dr. Boesak in 'n toespraak in Johannesburg 'n beroep op alle anti-Apartheid organisasies gedoen het om 'n verenigde front te vorm.

Die UDF se amptelike nuusblad is op 7 Augustus beskikbaar gestel. Volgens die organiseerders is ongeveer 80 000 eksemplare van die blad in twee dae oor die

Wes-Kaap versprei, ten spyte van pogings deur die polisie om dit te stop.

Kos en slaapplek moes voorsien word vir die sowat 800 afgevaardigdes vanuit ander dele van Suid-Afrika. 'n Tent is opgeslaan, en luidsprekers en 'n videoskerm is opgestel vir ingeval daar te veel plekke binne die gebou was nie. Nogtans was die organiseerders ontkant gevang deur die groot aantal mense wat teen laat Saterdagmiddag op Mitchell's Plain toegesak het. Sowat 3 000 mense moes noodgedwonge in die ope lug sit en luister. Nogtans het die organiseerder daarin geslaag om te alle tye orde te handhaaf.

Organisasies

Die UDF is 'n front van sowat 400 organisasies en verteenwoordig volgens party skattings omtrent 1,5 miljoen mense. Behalwe prominente politieke organisasies soos die Azanian Students' Organisation (AZASO) en die UWU (is talle kerk-, vroue- en gemeenskapsorganisasies daarmee verbonde.

AJ wat die lidorganisasies in gemeen het is dat hulle saam wil werk teen die konstitusionele voorstelle en die sg. Koornhof-wetgewing.

Dit is juis hierom dat die UDF so 'n wye basis het.

Die UDF dien eerstens as 'n front waarvoor politieke aksie soos bv. huurstakings en boikotte effektief gekoördineer kan word.

Dr. Frederik Van Zyl Slabbert, leier van die Oposisie het aan die Cape Times gesê dat die UDF 'n "belangrike ontwikkeling" in Suid-Afrikaanse politiek is, en dat die regering dit slegs teen 'n risiko kan ignoreer.

Mnr. Jannie Gagiano, 'n

lektor aan die Departement Staatsleer aan die Universiteit van Stellenbosch het aan Die Matie gesê dat die UDF vanweë die manier waarop dit georganiseer is, nie baie stabiel is nie. "Hulle word maar net verenig deur kortstandige faktore soos die sake waarteen hulle veg. Daarom is hulle baie broos." Nog 'n faktor wat teen die UDF tel is dat die leierskapstruktuur op die oomblik tot 'n groot mate uit blankes en 'kleurlinge' bestaan.


"Hulle het op die oomblik 'n politieke speelkans, omdat die regering nie die geloofwaardigheid van die Arbeiders-party wil aantans nie. Maar as die UDF effektief begin raak, sal die regering nie 'n oomblik aarsel om hulle te onderdruk nie," het hy gesê.

Prof. Willie Esterhuysen van die Departement van Filosofie van Stellenbosch het aan Die Matie gesê die UDF is iets waarvan kennis geneem moet word en dit is nie 'n "politieke paddastoel" nie.

Hy het gesê dat hy nie met diegene saamstem wat sê dat dit verbied moet word nie en hy hoop dat dit in die proses van hervorming 'n vrugbare rol sal speel.

Rassegevoel

Die Matie het 'n eerstejaarstudent uit Stellenbosch, wat by die vergadering was, gevra wat hy van die vergadering dink. Hy het gesê dat hy beïndruk was deur die gladder manier waarop dit verloop het, ten spyte van die groot skare. "Daar was ook geen rassegevoel nie. Die atmosfeer was buitengewoon aangenaam," het hy gesê.



'n DEEL van die baie gemengde gehoor by die UDF-massavergadering wat op Mitchell's Plain gehou is. Die lewendige vergadering is deur sowat 13 000 mense bygewoon.

Foto: Dawie Bosch

HELEN SUZMAN

Manlike Chauvinisme is geen verskoning

"DIE afwesigheid van vroue op die politieke front in Suid-Afrika is nie net as gevolg van manlike chauvinisme nie. Baie vroue wat bekwaam genoeg is maak nie van geleentheid gebruik nie."

Hierdie bewering is op Woensdag 31 Augustus by 'n vergadering van die Damesbelangekomitee deur me. Helen Suzman gemaak. Me. Suzman is al vir 30 jaar lid van die Volksraad vir die PFP-party. Sy het met haar toespraak *Vroue in die Politiek* die 1983 termyn van die Damesbelangekomitee afgesluit.

swart vroue is. Me. Suzman beskou rassediskriminasie en seksuele diskriminasie in dieselfde lig. In beide gevalle word die intrinsieke waarde van mense en hul ware

Toe haar mening oor die UDF gevra is, het sy gesê sy dink dit is alles baie "betekenisvol". Sy het egter gesê sy voorspel dat die uiteindelijke hervorming in Suid-Afrika gaan kom as gevolg van druk wat deur die Arbeidsmag uitgeoefen gaan word.

Vakbonde

Daarom is die organisasie van arbeiders in vakbonde vir haar besonder belangrik.

Me. Cora Gerber, voorsitter van die Damesbelangekomitee, het in haar verwelkomingstoespraak gesê dat me. Suzman as dié belangrikste vrou in Suid-Afrikaanse politiek beskou kan word. Me. Suzman het eredoktorsgrade by sewe universiteite, waaronder Oxford en Harvard. In 1982 word sy genomineer vir die Nobelprys vir Vrede. Sy het ok in 1978 die Verenigde Volke se Toekening vir Menseregte gekry.



HELEN SUZMAN

vermoëns verontagsaam. Beide vorms van diskriminasie is immoreel, het Me. Suzman gesê.

Grondwet

In vraetyd is me. Suzman om haar mening oor die nuwe grondwet gevra. Sy het kortliks die opset van die nuwe grondwet en haar vernamste besware daarteen bespreek. Die uitsluiting van die swartes en die afwesigheid van 'n "bill of rights" waarteen diskriminasie gevoel kan word is vir haar heeltemal onaanvaarbaar. "Ek kan nie sien hoe die sisteem kan werk nie," het sy gesê.

Afgesluit

Die aand en termyn is afgesluit met 'n kaas-en-wyn. Me. Cora Gerber het aan Die Matie gesê dat sy die termyn wat sy voorsitter van die Damesbelangekomitee was, baie bevredigend gevind het. Sy is veral bly oor die groter mate van betrokkenheid onder damesstudente. "Daar is egter nog baie onderwerpe wat die Damesbelangekomitee kan dek," het sy gesê.

Staatspresident open Bybelfees in Kerkhuis

DIE Staatspresident, mnr. Marais Viljoen, het op Vrydag 26 Augustus die Bybeluitstalling van die Bybelfees in Kerkhuis geopen.

Op 21 Augustus was die Afrikaanse Bybel 50 jaar oud. Die Bybelgenootskap het 'n amptelike Bybelfees gereël waaraan alle gemeentes deelgeneem het. Hierdie geleentheid is op Stellenbosch gehou ter ere van drie van die vyf 1933-vertalers, dr. J.D. Kestell, prof. B.B. Keet en E.E. van Rooyen. Hulle was aan die Stellenbosse Kweekskool verbonde.

omgangstaal van ons tyd die doeltreffendste redmiddel is.

Hoop

Tans werk vooraanstaande teoloë en taalkundiges om die Bybel in eietydse Afrikaans te vertaal. Pres. Viljoen het die hoop uitgespreek dat die Bybel Suid-Afrika nog steeds soos in die verlede sal aanspreek en "ons steeds Gods volk hou."



DIE Staatspresident, mnr. Marais Viljoen, en sy vrou, wat die herdenking van die Afrikaans se bybelvertaling by die Kweekskool geopen het.

Volkslewe

In sy openingsrede het pres. Viljoen verwys na die belangrike rol wat die Bybel nog altyd in die volkslewe gespeel het. Wêreldgebeure het egter veranderinge in Suid-Afrika meegebring. 'n sekulêre houding het die invloed van die Bybel, die Kerk en die godsdienste laat kwyn. Een van die redes hiervoor is dat die Bybel te veel van die omgangstaal verskil. Dit blyk dat die vertaling van die Bybel in die

'Creation or Evolution': skerp kritiek

het. Volgens kritici is dr. Gish se tegnieke nie wetenskaplik nie. Hy het slegs ander mense van sy idees, wat in 'n groot mate godsdienstig is, probeer oortuig. Dr. Gish het erken hy het vooroordele, maar gesê dat almal dit het. Hy het trouens die geloof in evolusie bestempel as religieus.

Die mening is uitgespreek dat die Creation Research Institute se "Creation Science" glad nie wetenskap is nie. Dr. Gish maak geen

toetsbare voorspellings uit 'n sistematiese teorie nie, wat 'n kenmerk van wetenskap is. Hy wys slegs probleme met opponerende teorieë uit. Dr. Gish het gesê die evolusionêre teorie is ook nie wetenskaplik nie, omdat dit nie verkeerd bewys kan word nie. Dit het so buigsaam geword dat alle nuwe feite daarin opgeneem kan word.

Wetenskaplikes het beswaar gemaak teen dr. Gish se diskreditering van bekende evolusioniste deur persoonlike aanvalle. Baie van

sy argumente is gegrond op uitsprake van bekende wetenskaplikes wat sy idees pas. Hierdie uitsprake is selektief en soms uit verband geneem.

Dr. Gish het verskeie aspekte van die ontstaan van die heelal, lewe en die mens behandel. Volgens hom het sy tegniek van lesingvoering neergekom op die wetenskaplike metode. Hy het die twee kontrasterende teorieë, evolusie en goddelike skepping, beskou en sekere voorspellings gemaak. Daarna

het hy die empiriese feite geraadpleeg en gekyk watter teorie die beste pas. Sonder uitsondering het hy afgelei dat evolusie onmoontlik was, of ten minste hoogs onwaarskynlik.

Hy het gesê dit sou onmoontlik wees vir die heelal om homself te skep, soos die evolusionêre beweer, as die huidige wetenskaplike wetenskaplike metode. Die "Big Bang" is nie konsekwent en die ontstaan van die heelal uit die produkte daarvan ook nie.

Die fossielrekord is volgens dr. Gish die belangrikste bron van inligting aangaande die ontstaan en ontwikkeling van lewe op aarde. Evolusie sou talle tussen-vorms nalaat, maar daar is nog geen gevind nie, as fossiele of lewend. Dr. Gish het ook verskeie voorbeelde wat evolusioniste as tussen-vorms voorhou gediskrediteer.

Dr. Gish sou volgens dr. A. Roukens de Lange, verbonde aan die U.S. Eenheid vir Toekomstnavorsing, 'n sterk saak vir die skeppings-teorie gemaak het, maar hy

het sy argument bederf deur te veel aan die Bybelse beskrywing daarvan te klou. Hierdie beskrywing kan nie letterlik ernstig opgeneem word nie.

Dr. Gish het veral sterk kritiek gekry van prof. C.A. Engelbrecht, 'n plaaslike teoretiese fisikus. Hy het dr. Gish bestempel as 'n puik openbare spreker, maar geen wetenskaplike nie.

Mnr. Greef het sy teleurstelling met die optrede van dr. Gish se kritici uitgespreek. Dr. Gish het egter gesê dat hy teenstand verwag het, omdat die akademiese struktuur van die wetenskaplike samelewing op die evolusieteorie gebou is.

DIE reeks lesings getiteld "Creation or Evolution" het verlede week die onderwerp van intense wetenskaplike debat geword. Plaaslike wetenskaplikes het dr. Duane Gish, biochemikus van die Amerikaanse Creation Research Institute, wat die lesings op Stellenbosch gelewer het, skerp gekritiseer.

In sy lesings wat deur mnr. J. Greef van die Departement Geologie georganiseer is, het dr. Gish gesê die oorgrote meerderheid wetenskaplike feite dui daarop dat die heelal en lewe nie deur evolusie ontstaan het nie. Die enigste alternatief is Goddelike skepping. God moes dus die heelal geskep

perspektiewe en dinge

SOMMIGE maskers is meer effektief as ander. Party soorte kom meer dikwels voor. Maskers kan baie effektief ingespan word. So effektief dat mens nie agterkom dis 'n masker nie. Ander is weer *obviously* maskers.

Dié tyd van die jaar is van die beste tye vir diégene wat graag die verskillende maskers wil leer ken; nie dat dit die enigste tyd is wat maskers gedra word nie.

Nietemin is maskers eintlik heel handig. Dit is selfs goed om maskers te hê. 'n Hele kas vol. 'n Masker vir elke dag en geleentheid. Dit maak dit soveel makliker; hoekom sal mens dit vir jousef moeilik maak as jy doodeenvoudig 'n masker kan opsit wat by die geleentheid pas. Want sien dit werk só: hoe meer maskers hoe beter!

Sommige mense sou selfs as maskermakers kan geld verdien. Veral in die tye van ekonomiese skaarste en 'n groeiende inflasionêre gaping tussen jou en jou pa se hand. Boonop is werk nie baie volop nie. En kry jy werk word jy onderbetaal. Maar dit daar gelaat.

Om by maskers terug te kom, dié tyd van die jaar dra verskeie mense maskers. Veral met die oog op die verkiesingstyd. Nou ja wie weet nou nie van daardie lang gekoesterde ideale nie. Natuurlik is mens se motiewe gebaseer op jou lewenslange

cobus smit

ambisies. Waarom dan die masker? *Om beter indruk te maak, nog nooit. Trouens, dis kinderagtig. Hoe kan jy sê ek pomp vir HK.* Snaaks genoeg, dra party mense tog dikwels die tyd van die jaar hierdie sosiale masker. Ewe skielik word ons vriend meer as voorheen by die SR-kantoor opgemerk. In elk geval méér as voorheen. Dan het hy boonop 'n masker ook op. Natuurlik weet ons ons is kinderagtig dat ons kan sê maar jy pomp vir SR! (Ons vra maar net of daar nie dalk so 'n moontlikheid bestaan nie.)

Na vakansies is dit besonder opvallend hoe mense geleidelik maskers verwissel. Dis amper 'n kultuurskok, dié terugkoms op die Bos.

Daar op Put-sonderwater is hy maar 'n vaal seuntjie. Daar poog hy hard om die regte plaasseun-image te behou. Dra net *overall* en water-boots al die pad. *Dis belangrik. 'n Boer moet soos 'n boer lyk.* Terug op die bos skiet hy vir hom 'n stud in die oor om in te val by die *weirdos*. *Dis belangrik vir sy gelukkige voortbestaan.* Daar word hard gewerk aan die beeld van die *tipiese student* kom die refrain uit 'n ASB-onderzoek oor eerstejaar druipsyfers in die jaar toet in sy kop op.

Maar dan is daar maskers van 'n ander aard. Maskers wat onwillekeurig gedra word.



Soms moet mense eenders dink en lyk. Die samelewing moet produkte kweek wat die samelewing van die tsekoms kan vorm. *Thought control* is net die regte masker. (Met oogklappe.) Deur mense nie bloot te stel aan sekere aspekte van die werklikheid nie kan jy hulle grootmaak sonder dat hulle daarvan weet. Ontdek hulle

eendag die werklikheid is dit vir hulle moeilik om te reageer. Hulle weet nie hoe nie.

Maskers is 'n *image*. Dit sê elke dag hoe jy voel. Deur 'n aggressiewe masker te dra kan jy mense wat skoorsoek afskrik. Deur 'n laggende geelaat aan die oppervlak te dra kan jy jou wende hart wegsteek. Terwyl jy 'n konformerende masker dra, kan jou siel skree teen die *establishment*. Jy kan jou *weird* masker opsit, maar eintlik is jy maar die vaal dogtertjie van Koek-en-aap.

Jy kan elke Sondag jou kerk pak dra maar eintlik is jy besig om jousef te fop met 'a game called church'. Jy kan elke Saterdag-aand by Drie (G)e(u)wels rond-flirt en jou versuip in die wellus ter wille van sosiale aanvaarding. Maar eintlik weet jy van beter. Jy kan selfs as jy wil die volgende aand voort huigel en sonder belydenis in die kerk gaan sit en nie eens skuldig voel met die aanhoor van die Tien Gebooe nie.

Verder kan jy jou liefdesmasker ophê. Jy kan voorgee dat jy haar innig liefhet en op haar gevoel speel sodat haar liefde hou, ten minste vir die aand.

Jy kan maak asof jy hom liefhet. Jy kan hom aanleiding gee en môre groet jy hom nie.

Jy met jou gesofistikeerde masker, is jy nie maar net 'n Arrow-van-Parow nie? En nou hou jy jou lyf snob?

Alhoewel mense beweër dat alle mense maskers dra, wil mens graag glo dat die mense wat jy ken opreg is. Mens weet net nie altyd so mooi nie. Die probleem is dat sommige se maskers so oortuigend is dat dit alleen deur chirurgie verwyder kan word. Sê nou mens ontdek dan die siel. Wee my. Mens wonder soms of mens wil.

Jammer dat maskers clichés geword het. Nogal soms handig. Maar nou ja, maskers is clichés omdat maskers baie gebruik word. En clichés word clichés omdat hulle baie gebruik word!!

Tog is daar mense wat elke dag die lewe *face* sonder om maskers as pantsers te dra.

MANNA



Ek het die goeie stryd gestry; ek het die wedloop voleindig; ek het die geloof behou.

— 2 Timotheus 4: 7

SR-portefeuljes uitgedeel

DIE SR-portefeuljes vir die 1983/84-termyne is op Maandag, 5 September bevestig. Die portefeuljes is soos volg toegeken:

Voorsitter — Chris Jones
Onder-voorsitter/openbare skakeling — Nic Myburgh
Sekretaris — Christo van Heerden
Tesourier — Le Roux van der Westhuizen
Addisionele lid/Publikasies/SPOG — Annami Oosthuizen

Uit die SR

(Bogenoemde vyf lede vorm die Uitvoerende Komitee van die SR.)

Damesbelange — Karen Strydom
USKOR/Karnaval — Von-

nie Mostert
Kleure en Erekleure/Studente- en akademiese belange — Francois Sieberhagen
Kultuur — Anneke Oosthuizen
LSS — Lizbé Vos
Leierskapsontwikkeling — Johan Schoonraad
Sport — Nico Wilkens
Verenigings — Niel van der Merwe
Tygerbergskakeling/Bloediens — Marius Waal.

DAAR word aansoeke ingewag vir die volgende SR-subkomitees:

- Publikasies
- Damesbelange
- Kleure en Erekleure
- Studente- en Akademiese belange
- Kultuur
- LSS
- Leierskapsontwikkeling
- Verenigings

Aansoeke moet skriftelik gerig word aan: Die Voorsitter, komitee, SR-kantoor, LSS, Stellenbosch. Die sluitingsdatum is 22 September.

Naam

Adres

Telefoon nr.

Studierigting en jaar

Subkomitee

Vorige ondervinding

Balance



Though the itch in my heart grows deeper and deeper I cannot scratch.

— Mbuyiseni Oswald Mtshali

Studente-verteenwoordiging

Huidige SP-stelsel poging om verwydering te oorkom

MET die "Hilgard Bell-debakel" as die laaste spyker in die doodskis, het die Studente-Unie besef dat hulle te ver verwyderd is van die SR. Hulle het besef dat iets gedoen moet word om groter verteenwoordiging aan die Studente-Unie in beleidmakende sake te gee. Dit het aanleiding gegee tot die ontstaan van ons nuwe stelsel wat in 1981 deur die Studente-Unie aanvaar is.

Die huidige SP-stelsel is geïmplimenter met die wete dat dit nie 'n volmaakte stelsel is nie, maar beslis beter verteenwoordiging aan die Studente-Unie gee. In feite

In die nuwe stelsel kan die SR as uitvoerende liggaam slegs optree as die SP aan hulle die mandaat of opdrag gee.

te-Unie mos nou die unieke geleentheid gehad om so te sê.

Die probleem lê by die Studente-Unie.

Die probleem lê egter by die Studente-Unie en hulle swak reaksie. Deur ingestel te wees daarop om te boikot en negatiewe kritiek sonder positiewe waardering vir die goeie te lewer, het 'n groepie "oorbeligte" studente dit hulle taak gemaak om die status quo gedurig te verander.

die SP die verantwoordelikheid aanvaar dat die probleem van verwydering by die SR en by die uitvoering en implimentering van die stelsel deur individuele SP-lede lê en nie by die stelsel as sodanig nie. Daarom kon die Grondwet- en Reglemente-komitee nie hulle weg oopsien om die stelsel te verander nie, maar die SP-lede op hulle taak te wys.

het, dit jou verantwoordelikheid is om toe te sien dat die persoon jou verteenwoordig en sy plig doen. Dit lê nie by die verkose lid alleen nie. As jy nie 'n stem uitgebring het nie, en die stelsel probeer boikot, dan het jy nie die reg om te kritiseer nie, want dan wil jy nie jou samewerking gee om Stellenbosch die Universiteit te maak wat hy is nie.

Minderheidsgroepe

Aan die ongelukkige minderheidsgroepe: bo en behalwe die feit dat die grondwet voorsiening maak vir minderheidsgroepe (Verwys Bylaag 3 tot die Grondwet-orderegulement van die SP punt 3) waarom oortuig julle nie die meerderheid van die

... heilige akademici ... met 'n verdraaide inkarnasie van die waarheid ...

Dit is dus nie 'n geval van "eie belang en aansien" wat ons tot die besluit laat kom het dat die stelsel behou

DAAR is maniere én maniere om te kla...



Sangfees

So vloei Sangfees byvoorbeeld nie noodwendig uit die SR nie, maar is dit primêr 'n opdrag van die SP. Die SP kan dus enige tyd beslis dat daar nie meer iets soos Sangfees mag wees nie en dan moet die SR daaraan uitvoering gee.

Deur die referendum van 1981 het die Studente-Unie hulle samewerking beëindig.

Om die stelsel te laat slaag, as aktiewe beleidmakende kanaal vir die Studente-Unie, moet die Studente-Unie hul samewerking gee. Dit is tog immers uit hulle wat die SP-lede genomineer word en ook later die SR. Deur die referendum van 1981 het die Studente-Unie ook hul samewerking beëindig.

Die vraag is egter nou: "Gebeur dit?" Hierop sou ek kon antwoord: "Beslis nie!" maar dan sou ek onreg doen aan daardie persone wat tog hulle samewerking wil gee en belang stel in dit wat op Stellenbosch gebeur. Op Stellenbosch sit ons egter met die "gelukkige" posisie dat studente vinnig sê: "Ja man, ons staan agter jou, ons sal ons samewerking gee" en persone nomineer, maar wat dan agteroor gaan sit en die genomineerde persone aan hulself oorlaat. As iets gereël word, dan word dit nie bygewoon nie. Tog is daar gou kritiek in die lyn van "daar gaan niks aan nie."

... die enigste aktiewe bydrae is negatiewe kritiek ...

Die Studente-Unie van Stellenbosch het 'n passiewe unie geword, waarin die enigste aktiewe bydrae negatiewe kritiek is. Hierdie uitspraak mag na oorreaksie klink, maar die soort kritiek wat teen die SP uitgespreek word, dien as illustrasie.

In *Die Matie* van 18 Augustus 1983 word daar verkeerdlik berig dat daar 1 400 vraelyste aan die Studente-Unie gestuur is, waarin daar aan hulle geleentheid gegee is om kritiek teen die SP-stelsel uit te spreek. In feite was daar 2 000 vraelyste by koshuise, die Neelsie en die Carnegie versprei. Saam met die verkleinde vraelyste wat in *Die Matie* verskyn het, is daar dus 'n opgaaf van ongeveer 16 000. Wat *Die Matie* nie berig het nie, is dat ongeveer 300 van die vraelyste teruggestuur is.

Vraelyste

As die probleem dus in die stelsel lê, het die Studente-



DIE kwessie van sinvolle verteenwoordiging van die Matie-stem, is 'n probleem wat tot nog toe nie opgelos kon word nie. Die skrywer van hierdie artikel beskou die huidige SP-stelsel as 'n moontlike oplossing.

Dikwels is hierdie "heilige akademici" mense wat 'n verdraaide inkarnasie van die waarheid ontvang het. Wanneer dit hulle pas word die sosiale verantwoordelikheid in ag geneem en soek hulle as veronregtes die reg in algehele persoonlike vryheid en matelose kritiek.

moet word soos dit is nie. Net drie van sy lede was weer beskikbaar vir die SP en net

... probleem nie geleë in die struktuur van die stelsel nie ...

een het besluit om haar beskikbaar te stel vir die SR. Ek is 'n lid van die Studente-Unie, en wil daarop wys dat as jy 'n persoon gekies

SU en word sodoende 'n meerderheidsgroep nie?

Die probleem is dus nie geleë in die struktuur van die stelsel nie, maar in die persone wat daardie struktuur 'n werklikheid moet maak, synde die lede van die SP en die Studente-Unie. Die Grondwet- en Reglemente-komitee en later die SP, kon dus nie in die lig van hierdie feit hulle weg oopsien om 'n strukturele verandering te maak nie.

MENINGS-AKTUEEL is 'n rubriek wat oop is vir alle lede van die Studente-Unie. Artikels moet gerig word aan die Aktuele Redakteur, *Die Matie* (tel. 5979).

VOLGENDE UITGAWE
IN Menings-Aktueel in die volgende uitgawe beskou verskillende skrywers die voorgestelde ontwerpgrondwet.

Politiek en Kroniek van G.A. Thoonissen

DAAR is 'n tyd, sê Filos Frisou toonloos, om te kom en 'n tyd om te gaan. Ek gaan. Toe gaan hy.

Momenteel dreig die ontsteltnis om in chaos te verword. Toe Jis bones — erg skraal van die ryswater — egter opstaan, sak die gemoedere effens; Fillup Weier staak selfs sy kompulsiewe vrywery oor Kóna Verder se nuwe haarstyl. Net die kinderlike Frisco Besmeerden spring nog op en af en raas en maak 'n algemene nuisance van homself. Totdat Kobus die Rooi Posman opstaan en hom klap dat hy sug enswyg.

Nou soek ons, sê Jis Bones plegtig en kwasi-onskuldig, 'n sterk man om ons te lei.

Aha, deklameer Connie Mopstert, dan soek julle vir my. Want ek is 'n Sterkman. Nottendém, kom dit van Kobus die Rooi Posman. Nottendém, sê hy (en nog iets wat klink soos simmoer) en hy klouter op sy pienk fiets.

Wagvirmy Oomkobus, skree Bloeddrik Verward en hy spring woeps op die carrier. Vir my ook, roep Kóna Verder en sy spring ook woeps op die carrier. So woeps die ganse Sanctum Reticum op Kobus se pienk carrier — behalwe Jis Bones wat nog op die been is en — vanselfsprekend — Frisco Besmeerden wat ambisie-gedrewe agter 'n Stinkafrikaner* wegruip.

Maar Connie Mopstert is weinig gesteur. Hy vryf net 'n slag oordie goue vag op sy hoof en kontinueer:

Vanweë o.m. my Cravenweekagter-

grond, my bepeinsing van die etiek en ander diverse oortuiginge, beskou ek myself as uitermate geskik... Maar verder het hy nie gekom nie. Want 'n Sterk vrou het hom aan sy broek se naat gevat en oor haar skoot getrek. En na sy hom goed gewiks het, het sy vorentoe gestap en Jis Bones se hand geskud en vir De Poef (van die Bosluise) 'n óú keffietill in die hand gestop en gesê jy tel die geld en vir Siek Vrywurg 'n klapsoen gegee en vir Frisco Besmeerden nadergepluk en gesê ons moet darem lag ók.

Toe het sy omgedraai en die hele Vergadering het haar herken: Vatlappie Goorstylsing, die Dagbestuur se eie, eie Koningin van die Nag.

— By die deur het Kóna Verder van die carrier afgesprong en — asof vir laas — nog van haar uitsoekreseppies uitgedeel aan enigenen wat 'n Lus had. Daar was een oor tamatieslaai, ene oor tunaslaai en een oor tuna-en-tamatieslaai. Daar was ook nog die laaste een. Wat nie 'n resep was nie, maar 'n stel riglyne: Hoe om nie betrap te word wanneer in 'n ander se slaai gekrap word nie. Maar wie dit gekry het, het niemand geweet nie.

Net die GOMLASTIEKGOGGA het vanuit sy verhewe posisie sy kop agteroor gegooi en dit uitgeskat. En slegs dié naby aan hom, kom die dun draadjie van histerie daarin hoor)

* Ook bekend onder die wetenskaplike naam: ANDRIESIENSIS SKILPAD-TENSIA.

BAREND VOS



MENINGS-AKTUEEL

NIEKIE LAMPRECHT, 'n tweedejaar-Kweekskoolstudent en oud-ondervoorsitter van die SP, het hierdie artikel geskryf.

Ten spyte van hierdie feite het die Grondwet- en Reglemente-komitee saam met

Martinique

VELSORGMIDDELS
MET
AALWYNEKSTRAK

Nou beskikbaar by:

Elmaré Lombard
Tel. 5062

Yvonne Coetzee
Tel. 73918

NAJOSA

Joolkomitees vorm een organisasie

JOHANNESBURG — NAJOSA (Die Nasionale Assosiasie van Joolorganisasies van Suid-Afrika) is verlede maand amptelik gestig. Dit het gebeur by die jaarlikse kongres van karnavalkomitees van die elf blanke Suid-Afrikaanse universiteite. Die kongres is van 24 tot 27 Augustus in Johannesburg gehou.

By dié kongres is Gillian Hayne van die Universiteit van Kaapstad as nasionale joolkoningin gekroon. Haar prinsesse is Christelle Barnard (UOVS) en Debbie Lewis (UPE).

Voorsitter

Op verlede jaar se kongres in Port Elizabeth is Le Roi Steenkamp van die Universiteit van Stellenbosch as voorsitter herkies. 'n Uitvoerende komitee is toe aangestel met die mandaat om 'n grondwet op te stel.

Dié komitee het bestaan uit Le Roi Steenkamp (US) as Voorsitter; Kerry Capstick-Dale (UK) as Ondervoorsitter; en Anton Oosthuizen (US), Skakelbeampte. 'n Konsepsgrondwet is opgestel en 'n embleem is ont-

werp wat by vanjaar se kongres aan die elf karnavalvoorsitters voorgelê is.

Die karnavalvoorsitters het die grondwet eenparig aanvaar nadat hulle enkele

amendemente aangebring het. Op 24 Augustus is NAJOSA amptelik gestig.

Aktueel

Die kongres is op 25 en 26 Augustus op die kampus van die Randse Afrikaanse Universiteit voortgesit, en op 27 Augustus by die Universiteit van die Witwatersrand. Die afgevaardigdes het in groepe verdeel om aktuele sake aangaande karnaval te bespreek.

Geld

Punte van bespreking was onder andere die aanwending van geld wat deur karnaval ingesamel word en die verhouding tussen karnavalkomitees en die studenteraad, die onderskeidelike administrasie van die universi-


teit en borge.

Die aand van 27 Augustus is 'n kroningsbal gehou om die kongres af te sluit. By die bal is die onderskeie universiteite se joolkoninginne, joolblaie en T-hemde beoordeel. Die beoordelaars het Rhodes se joolblad en RAU se T-hemp as die bes- te aangewys.

Uitvoerend

Die NAJOSA Uitvoerende Komitee vir 1983/84 bestaan uit Fred Taute (UK) as Voorsitter, Geoff Carter (Universiteit van Natal) as Ondervoorsitter, en André Schepers (UOVS) as Skakelbeampte.

Volgende jaar se kongres sal op Stellenbosch gehou word.



LE ROI STEENKAMP, wat twee jaar lank voorsitter van NAJOSA was.



GILLIAN HAYNE van die Universiteit van Kaapstad, 1983 se nasionale joolkoningin, en haar ewe mooi tweelingsussie.

Oud-Swapo-lering laat vuiste klap

JOHANNESBURG — 'n Vergadering waarop 'n oud-Swapoterroris verlede Woensdag op die Witskampus van sy wedervaringe in Swapo vertel het, het daartoe aanleiding gegee dat linkse en gematigde studente mekaar met die vuis bygedam het.

Die spreker, mnr. Nestor Heita, is deur die Student

Moderate Alliance (SMA) genooi vir die begin van verlede Donderdag se Namibië-dag-vieringe. Mnr. Heita is in November verlede jaar deur die veiligheidsmagte gewond en gevange geneem, maar is in Maart vanjaar vrygelaat, nadat hy inligting oor Swapo bekend gemaak het.

daarna die saal binnekom het van die studente hanteer gemeen geraak. Veiligheidsmagte het die orde probeer herstel, maar studente het oer en weer vuis geslaan en plakkaat is geskeur.

Beëindig

Mnr. Heita is geen kandidate gegun om sy toespraak te hou, want hy het kort voor die aanvang daarvan mnr. Russell Chrystal, voorsitter van die SMA, gevra of hy mag ophou. Toe mnr. Chrystal daarop die vergadering beëindig, het ongeveer die helfte van die studente uitgestap. Eers daarna het mnr. Heita sy toespraak voltooi oor sy drie jaar as Swapo lid, asook sy opleiding in Rusland gegaan het.

Dissiplinêr

Die voorsitter van die Wits Studenteraad, mnr. Bram Barry, het aan Die Matie gesê dat dissiplinêre maatreëls teen sommige studente oorweeg word, maar dat niks verder sê nie.

Maatreëls

Te midde van streng veiligheidsmaatreëls (net studente met studentekaarte en persmanne is by die vergadering toegelaat), het die houeure van die sowat driehonderd studente reeds voor mnr. Heita se koms begin opvlam. Party van die studente, hoofsaaklik Indiërs en swartes, het Swaposlag-spreuke en "vryheidskrete" begin skree. Mnr. Heita is na bewering ook as 'n "sell out" uitgekryt. Intussen het nog honderde nuuskieriges buite die saal saamgedrom.

'n Verwysing na die kwatstelsel vir universiteite het veroorsaak dat die twee groepe mekaar begin uitjou het. Toe mnr. Heita kort

met jou. Na dit alles is die September-toets (toegegee: with a little help from your friends) darem nie te erg nie. Jy's mos 'n slimkop — kry sonder om te leer maklik 53.

Jy is nou heeltemal vertrouwd met die situasie op die Bos en twee weke voor die eindeksamen draf jy weer 'n bietjie klas. Tot jou vreugde sê die dosent juis in dié tyd wat belangrik is vir die eksamen. Jy skryf sorgvuldig neer in rooi, organiseer intussen 'n paar pelle se notes en sak ná klas af Carnegie toe met 'n banksakkie vol vyfsente. Jou kamermaat is later verheug dat julle so goed klaar kom en julle besluit om sáám te swot. Na 'n paar rand se Wilsons, hartstogtelike gesprekke oor (nou) Pieter-in-Eendrag/Susarah-in-Serruria op die foto, is sy goed voorberei vir die eindeksamen. Prof. Paddagoog handhaaf gelukkig 'n vaste patroon van een-jaar-nie, een-jaar-wel, volgende-jaar-nie, volgende-jaar-wel in die opstel van sy vraestelle.

Met die laaste vak agter die rug gaan eet jy en jou pelle scones by Spier ter herdenking aan 'n wonderlike jaar op die Bos. Jy pak in, stuur jou boeke na Griet, jou notes huis toe en vertrek Hermanus toe vir die drie-maandevakansie.

Met die vriendelike samewerking van Admin kry jy jou uitslae voor dit gepos word. Jy bel huis toe: "Ma, ek is deur . . . Nee, Pieter het 'n her. Shame, hy't so baie ekstra leeswerk gedoen."

Jy's eerstejaar, jy skryf jou eerste eksamen met oorgawe, want die koshuis wat wen kry 'n pluimpie van die rektor. Buitendien: as jy die Matie-eksamen pluk, kan jy nie vir Maties rugby speel nie. En dit is tog die IDEE waarvoor Stellenbosch staan.

Met die héerlike dooptyd agter die rug (só baie maats gemaak — sonder doop sou jy tog geen mens leer ken het nie) én oriënteringsweek (dit is dus wat seksuele moraal beteken: om in die naam van Maagdelikheid te gil as Dagbreek se tokkelokke jou met die oorgawe van heiliges stort), spits jy jou (ná Karnaval) volkome toe op die akademie en wat jy moet weet vir die toetsreeks.

Dis eerstens belangrik dat jy weet wie jou dosent is, want sy naam, of nee, sy van, moet op jou eksamenboek verskyn (verkieklik voorsien van 'n gepaste titel). Jy kry, behalwe jou dosent se van en kantoornommer (nutteloos, want hy werk skynbaar beter tuis — of êrens), ook 'n inligtingstuk met as par. 1 'n uiteensetting van toetsdatums.

Dié paragraaf maak jou byna mal en jy koud krampagtig aan jou tong terwyl jy in drie kleure ink (blou vir belangrik, groen vir belangriker, rooi vir belangrikste) probeer byhou by die (vae) doel van die kursus soos uiteengesit deur . . . (blai terug) . . . Prof. Paddagoog. Hy het jou gelukkig gerus gestel dat

met ander woorde

Betreffende eksamens . . .

sou jy "mooi luister", jy presies sou weet wat jy "in die eksamen" sal "kry". Wanneer hy dus sê dat jy, as jy belangstel, ekstra leeswerk kan doen, skuif jy dit met 'n geruste hart van jou af, want jy is immers hier om eksamens deur te kom;

sekuur beplan, 'n foto van Petrus-in-die-army/Petra-in-matriek teen die muur, R2 se Wilson-toffies en al jou rooi notes byderhand begin jy swot. Jy ontdek tot jou verbasing dat die notes nogal interessant is, maar dis blokyd en daar's nie

lik, heerlik rits jy hulle eie sinne vir hul terug, jy cum en jy vertrek met vakansie saam met jou kamermaat. (Julle is sukke lekker pels. En kom so goed klaar. En verstaan gevolglik mekaar se notes só goed.) Geesvang by die sing-songs is beter as



KLASDRAF: deel van die Stellenbosse IDEE?

waar moet jy tyd kry om jou perspektief te verbreed? Buitendien was Prof. Paddagoog nie heeltemal seker van die naam van die outeur nie . . .

Na die Huisfondsfunksie, Pinkster en die Huisdans is jy oorgehaal vir die eksamen. Met jou studie-rooster

tyd vir interessantheide nie — dis jou rooi notes of dop.

Gelukkig weet jy

TOBEA BRINK, 'n honneursstudent in Afrikaans en Nederlands, het hierdie artikel geskryf.

teen dié tyd wat Prof. Paddagoog en Dr. Dittendat onderskeidelik van jou verwag en heer-

glyvang in die klas. Intersity is gevolglik 'n fees — jy ken die heelagter van die se-

conds deur jou broer en die manne se spel is aangrypend. Pieter-van-Eendrag sing saam

Duisend sangers maak Sangfees puik

ONGEVEER 'n duisend koorlede van dertien kore het vir 'n baie suksesvolle Sangfees gesorg. Die drie aande het met minder as drieduisend toeskouers gelok. Vanjaar moes elke koor 'n lied uit 'n rolprent sing. Die US Revue-groep het op die laaste aand hul eerste openbare optrede gelewer.

Die koshuise se keuses van liedere het wye smaak verteenwoordig. Christien Kotze, die dirigente van Helshoogte en Huis ten Bosch se koor het 'n reeks advertensies omskep tot 'n komiese "medley" en vir hul oorspronklikheid 'n encore verteenwoordig.

Die Heilige Stad van Hendrag en Minerva (of "Een nag en min ervaring"), volgens die seremoniemeester, mnr. Johan Rademan), was ook besonder gewild onder die gehoor.

was die koor van Tygerberg wat die aand afgesluit het met puik verwerkings deur Isolde Heydenrych, onder andere *Don't kill the world* en *Jonathan Livingston Seagull*. Dié koor se uitvoerings is opgedra aan me. Heydenrych se broer, Jacques en aan Karen Lombard, wat nog steeds in die hospitaal is na 'n tref-en-trap-ongeluk oor intervarsity-naweek.

Erica en Simonsberg het hul tema visueel treffend gemaak met vier kabaretdansers wat deur *Hello Dolly* begelei is.

Op die laaste aand het die

US Revue-groep as gaskunstenaars opgetree. Dit was hul eerste openbare optrede. Alhoewel die groep soortgelyk is aan die bekende Alabama-geselskap, verskil die samestelling. Die Revue-groep het spesifieke kunstenaars vir spesifieke instru-

mente. Die groep se eerste werklike speelveld begin in Oktober in die H.B. Thom-saal. Vir hulle item tydens Sangfees was André Schwartz die gaskunstenaar, terwyl Beatrice Laubscher ook 'n sangnommer gelewer het.



EEN van die dertig kore wat met volle oorgawe gesing het en van Sangfees '83 'n genotvolle ervaring gemaak het.

Erica paints campus pink

THE inhabitants of Erica recently celebrated the birthday of their residence in true Ericaner tradition. The first years' "Panther Cats' Choir" sang *Happy Birthday* over the intercom at 24h00 to mark the start of a day's festivities. Afterwards, they all stampeded down to their respective post boxes where surprises in the form of sweets, were to be found.

Erica-euphoria was obvious in the way in which they decorated the hostel and dining hall. Ericaner antics included waking Helshoogte at 06h00 by sounding off an alarm over the intercom and mischievously decorating Dagbreek's dining hall with pink toilet paper covered in captions. Their eating utensils were "borrowed" temporarily and loaded onto a bakkie.

The Ericaners were very impressed with the charming card and red carnations they received from Helshoogte, and the original poster from Simonsberg.

Some Ericaners invaded the Lanzerac and enjoyed a sokkie with Elsberg. Erica presented them with a pink panther. It was christened "Little Erica" and Elsberg responded by giving them a huge pink posy and champagne.

Four first years braved the rain to advertise the birth-

day and were taken captive by Huis Visser who tried to bribe the H.K. in return for the girls' safe return. They demanded R100 for the girls but when offered R10, decided that they were not worth the effort.

The celebrations were rounded off in good spirit when Helshoogte arrived to serenade them and the hostages were given a safe lift back to Erica by the kidnappers.

Die bes afgeronde koor



HUIS TEN BOSCH, een van die oudste dameskoshuise op die kampus, het onlangs sy ses-en-veertigste bestaansjaar gevier met 'n Victoriaanse teeparty.

Die genoemde SR-lede en primarij se klere drag het mooi ingeskakel by die tema. Huis ten Bosch se dames was gekleed in kant en valletjies. Die bes geklede het as prys 'n stuk van die verjaarsdagkoek gekry.

Op die foto is me. Heléne Basson en mnr. Anus Marais in die styl van die vorige eeu geklee.

Kerkkoor tree op

DIE Kerkkoor van Stellenbosch-Sentraal het Saterdag 4 September die eerste keer as deel vna die reeks Sondaganduitvoerings in die Endersaal opgetree. Hulle het onder andere die *Gloria* van Händel gesing.

Die koor is begelei deur me. van die U.S. Simfonieorkester. Die soliste wat opgetree het was Hanneli Rupert en Ingrid von Zweel. Die vierjarige program het ook 'n aantal onbegeleide werke bestaan.

Stellenbosch-Sentraal het die grootste kerkkoor in Suid-Afrika en hul tradisie strek oor 'n honderd jaar. Prof. Hannasch, die stigter van die koor, is opgevolg deur G. van Cilliers, Chris Swanevel, en in 1965 deur Pieter van der Westhuizen.

Die koor het al by verskeie geleenthede opgetree. In 1979 het hul op uitnodiging van die F.A.K. in Bloemfontein opgetree en in 1981 die Kaapse Stadsaal. In 1982 het hulle deelgeneem aan Kwesta. Hulle het ook al verskeie kere aan televisieprogramme deelgeneem en opnames van psalms en gebede.



DIE Opedagkomitee op die hoogste punt in Stellenbosch kan Saterdag 10 September vir 'n hoogtepunt op Helshoogte se kalender sorg. Die hele Opedag en hoenderbraai is deur hulle gereël. Voor v.l.n.r.: Evert Potgieter, Willie Dreyer en Gerrit Sieberhagen. Agter: Jackie Redelinghuys, Thys van Wyk en Johann Kirsten.

Helshoogte huldig hoender

HELSHOOGTE bied op Saterdag 10 September 'n opedag met "Die Hoender" as tema aan. Die dag sal gevier word met 'n hoenderskou, hoendervalkermkompetisie en hoenderresies en 'n hoenderbraaikompetisie waaraan enigiemand mag deelneem.

Die verrigtinge sal om 14h00 begin met 'n heildronk by die blou hoenderhaan op Helshoogte se dak. Daarna sal daar 'n verskeidenheid interessantheide waarin hoenders 'n prominente rol speel, plaasvind. 'n Hoenderskou in die eetsaal sal gevolg word deur 'n hoendervalkerm-springkompetisie en hoenderresies.

Die hoogtepunt van die dag is die hoenderbraaikompetisie. Almal is hartlik welkom om daaraan deel te neem. Inskrywingsgeld beloop ses rand per span wat uit 'n maksimum van drie persone mag bestaan.

Veertien groot pryse word aangebied: drie pryse vir voorbereiding van die vleis (die vleis word vooraf aan die spanne verskaf), drie pryse vir die gereg self, drie pryse vir algemene indruk van die stallertjie, 'n algehele prys en 'n troosprys. Alhoewel 'n beperkte getal braaidromme te huur is, moet die braaiers self sorg vir die nodige braaigeriewe en bykomstighede. Die huur van die braaidromme moet vooraf gereël en betaal word. Hout sal verskaf word.

Die dag word met 'n disko in Helshoogte se eetsaal afgesluit. Die pryse sal ook daar oorhandig word.

Almal is welkom om hierdie groot dag by Helshoogte te kom deurbing. Inskrywings en verdere inligting kan by Jackie Redelinghuys in Helshoogte verkry word.

Social Calendar Social

Evergreen Restaurant: Regular music every Thursday and Friday evening to accompany delicious meals. Flute, violin, cello and recorder recitals.

De Akker: The Ladies Bar is open all week. Live entertainment by *Hard Ride* every Friday and Saturday.

Mountain Records and Radio Matie presents **The Benton Brothers**, Cape Town's country Rock Band: Concert/dance in *Neelsie*, Saturday 3 September and Friday 16 September. Tickets available at SRC office, R2,00 each.

Tollies Disco: Still on the go!

Cine 1 and 2: List of films available at the booking office. Forthcoming attractions are *Love Child* and *Breathless*.

Wine Route Hotel: All students are welcome to join in the fun at De Balke disco. Music provided by local disco's or bands.

Tygerberg se nuwe SR

DIE Tygerbergse Studenteraad vir 1983/84 is onlangs gekies. Marius Wahl: Voorsitter, SR-lid vir Tygerberg-skakeling, Bloeddiens. Jean du Plessis: Ondervoorsitter, Studentebelange, Erekleure. H.P. van der Merwe: Tesourier. Miempie Esterhuizen: Sekretaresse.

Josef Kriek: Akademiese Jaardag en -skakeling. Pietie Loubser: Verenigings en USAT. Soria Swart: Publikasies. P.W. Prinsloo: Sport, Intervarsity, Karnaval. Christo Jurgens: Karnaval Trapkar, Bloeddiens. Ronelle Kühn: Klerasie, Sangfees. Emmie Erasmus: Gesellighede.



VIR DIE HERVERKOOP VAN U AKADEMIESE BOEKE

MOENIE WAG NIE, HANDEL NOU.

H/V ANDRINGA-EN VICTORIASTRAAT.
TEL. 72830/70712

Gees soek om rus te vind

MEV. JO-MARIE CLAASSEN (Departement Latyn) skryf:

Dit is meer as jammer dat u by herhaling soveel prominensie gee aan gunstige reklame vir die twyfelagtige vreugde van daggagebruik, soos gepropageer deur u korrespondent "Anti-Anti-Marijuana" (*Die Matie* 18 Augustus 1983). A.A.M. is klaarblyklik baie jonk, en daarom verstaanbaar daarteen om voorgesê te word, maar dit beteken nog nie dat hy deur u blad soveel kans gegee moet word om sy sienswyse aan ander jongmense as baie aantreklik voor te stel nie.

In die dagpers is daar juis 'n polemie tussen geleerdes oor die langtermyn effek van dagga. Myns insiens is die wetenskaplike onderskeid tussen "fisiese verslawing" en "sielkundige afhanklikheid" bloot akademies: prakties het die navorser van UWK, mev. Botha, op 'n volksmond-term afgekom: "daggamalletjies" (*Die Burger* 18 Augustus 1983). Volgens haar is hierdie mense deur lang gebruik van hul vroeë jeug af nou só beneveld dat hulle nie eers in haar ondersoek ondervra kon word nie: hulle praat onsamehangend, is verder onskadelik, en word onderhou met 'n staatstoelaag. Die volksmond skep volgens my ondervinding slegs terme vir dinge wat as realiteit ervaar word (soos byvoorbeeld dronkheid, bloutrein-ry, tref-en-trap, to go on a trip ens.)

Vergun my 'n boodskap aan A.A.M.: "My dear young friend: there is nothing so frustrating for a young person as to be understood — and liked, even loved — by members of the "establishment". We do understand your desire to experiment and decide for yourselves. You do not threaten us or our "orderly existence". We are just sad to see you encouraging your peers in a potentially dangerous direction. You are not our future. We are our own, and have achieved it in spite of the follies of our own youth. About 99,9% of the youth of today become the "establishment" of tomorrow. You are therefore your own future — unless you, and any unfortunate young person who has been persuaded by your impassioned rhetoric, end up as dropouts. "daggamalletjies"

letjies" who need to be supported by a state pension. Then you will be our future as you are our present — we shall then still be supporting you out of our taxes, as now."

P.S. I agree with you about alcohol being a potentially even more dangerous drug. To bring it into the argument about dagga is however a non sequitur: in a 'volksmond'-cliché: 'Two wrongs do not make a right'."

Ek volstaan met die woorde van Augustinus van Hippo: "Die gees van die mens is rusteloos tot hy sy rus vind in God." As die gees daardie rustigheid het, soek die liggaam nie meer stimulant of dwelms nie.

DANKIE vir u bydrae. In die literatuur is daar baie teenstrydige navorsingsresultate oor die effek van dagga. 'n Polemie hieroor is aktueel. Dit is vreemd dat u 'n polemie tussen geleerdes in die dagpers by implikasie goedkeur, maar geen ruimte gun aan 'n student met 'n pro-standpunt nie. Oop denke en vrye ideëwisseling kan tog nie net 'n cliché bly nie. — Red.



Briewe moet asseblief so bondig moontlik wees en moet die naam, die adres en die handtekening van die skrywer bevat, selfs al word 'n skulnaam gebruik. Die identiteit van die skrywer in laasgenoemde geval word streng geheim gebou. Briewe wat nie onder 'n skulnaam geskryf word nie, sal te alle tye voorrang geniet.

BRIEWEBUS

C.V. Schoongezichtstraat; H.G. en G & H. Briewe laat ontvang. Staan oor tot volgende keer.

CRAMPUS ANO. Mens moet darem die moed van jou gewete hê om jou brief te onderteken.

Nuwe SP-stelsel is die ideale een

HENDRIK VERWOERD skryf:

Vergun my die geleentheid om op enkele sake wat in die hoofartikel van *Die Matie* van 18 Augustus geopper word te reageer.

U begin deur te sê daar bestaan probleme in die verteenwoordigende stelsel wat, ten spyte van die SP se onlangse ondersoek, steeds onaangeraak bly. Volgens u is die belangrikste hiervan die kwessie van verteenwoordiging van minderheids-groep.

Ek wil u steun in hierdie opsig, maar aangesien u in gebreke bly om enige werk-bare alternatief voor te stel om hierdie probleem op te los, lyk hierdie punt van kritiek op die stelsel vir my meer na kritiek ter wille van kritiek, en nie ter wille van 'n bydrae tot oplossing van die probleem nie. Dit is jammer — andersins sou 'n sinvolle debat dalk oor hierdie saak gevoer kon word.

Dit wil egter vir my lyk asof u tog 'n oplossing voorstel: u impliseer naamlik dat 'n terugkeer na die vorige stelsel, waar die studente direk die Studenteraad verkies, 'n oplossing hiervoor

sal wees. Dit blyk egter nie duidelik uit u hoofartikel of u hierdie oplossing voorstel om die probleem van minderheidsverteening wat die hoof te bied nie, en of u dit dalk aan die hand doen ten einde die probleem van toenemende apatie op te los nie. Dit lyk dus asof daar 'n mate van verwarring in u denke oor die saak is.

Dit bring my by die tweede probleem wat u met die huidige verteenwoordigende stelsel het. U maak onder andere die verbasende stelling dat studente meer in SP-en SR-sake belang sal stel as hulle self vir die SR kan stem. U koppel dus apatie onder studente direk aan die mate waarin hulle in staat gestel word om vir die Studenteraad te stem. Dit lyk vir my na 'n ietwat wilde bewering. Kan u só 'n bewering staaf?

Laat ons u bewering 'n bietjie van naderby beskou en kyk of u voorstel wél 'n oplossing vir die probleme bied wat u met die stelsel het.

Daar is enkele punte wat u uit die oog verloor wanneer u die voorstel maak.

Die eerste is dat juis die groeiende mate van apatie onder studente jeens die Studenteraad in die vorige stelsel een van die hoofmotive-rings was vir die verandering van daardie stelsel na die huidige. Die studente het in die vorige stelsel vervreemd geraak van hul Studenteraad. Dit blyk duidelik uit die feit dat 'n Studenteraad in 1978 byna uit die kussings gelig is omdat sy siening van sy funksie nie met dié van die studente ooreengestem het nie. In 1979 het die Studenteraad weer die bal misgeslaan, dié keer oor ASB-reaffiliësie, en is sy standpunt duidelik in 'n referendum verwerp. In 1980 moes die Studenteraad bedank omdat sy politieke sienings nie gestrook het met dié van die studente nie. Trouens, dit was mnr. Hilgard Bell wat in sy Voorsittersverslag van daardie jaar aanbeveel het dat die voorstelle van die destydse Van der Merwe-kommissie ernstig oorweeg moet word om hierdie probleem van vervreemding uit die weg te ruim.

Dit dui alles daarop dat die vorige stelsel hom juis tot groeiende apatie geleen het, en dit is vir my onlogies om terug te keer en 'n probleem te probeer oplos deur weer dieselfde probleem te skep. Ek vra myself die vraag af waarom studente nou weer sal begin belangstel as hulle nie in die vorige stelsel belang gestel het nie. U aanname is gebaseer op 'n vae hoop, terwyl die empiriese gegewens van die verlede op die teendeel dui.

In die tweede plek, en om terug te keer na u probleem van minderheidsverteening, lyk dit vir my duidelik dat minderheids-groep wél in die vorige stelsel in staat was om "hul manne" op die SR te kry, maar dat dit aanleiding gegee het tot veel groter probleme. Omdat minderheids-groep dit kon regkry, was minstens die bogenoemde drie studenteraade in faksies verdeel: Hierdie verdeeldheid het hul werk-saamhede beïnvloed en het een van hulle gedwing om te bedank. Dit was die Studente-Unie wat daaronder gely het.

Die huidige stelsel, soos u tereg opmerk, is teoreties 'n ideale stelsel. In teenstelling met die vorige, leen hierdie stelsel hom tot eerlike verteenwoordiging, in die sin dat die meerderheids-groep

op Stellenbosch die meerderheid op die SP sal uitmaak.

In die derde plek: u wil hê die studente moet vir die SR stem, maar u laat die feit buite rekening dat die SR tans slegs 'n uitvoerende funksie het. Dit beteken dat die SR geen gesag het om namens Stellenbosch uitsprake te maak nie, behalwe wanneer hy die SP en die Studente-Unie na buite verteenwoordig. Selfs dan is die SR se optrede onderworpe aan sensuur deur die SP. Verder word dit duidelik in die Grondwet gestel dat die SR opdragte van die SP moet uitvoer.

In die vorige stelsel het die SR 'n beleidmakende én uitvoerende funksie gehad. In die huidige stelsel vervul die SP die beleidmakende funksie en die SR slegs die uitvoerende funksie. Die Studente-Unie het in die vorige stelsel vir die SR gestem omdat die SR namens hulle uitsprake kon maak. Nou doen die SP dit, en daarom stem die studente vir die SP. Ek kan nie die sin daarin sien dat die Studente-Unie vir 'n liggaam stem wat bloot daar is om opdragte van 'n ander liggaam uit te voer en verder slegs administratiewe pligte het nie.

As ons kritiek op die huidige verteenwoordigende stelsel wil lewer, moet ons 'n onderskeid tref tussen die wese van die stelsel en die praktiese toepassing daarvan. Ek het reeds gesê die stelsel is teoreties suiwer, en nie een van die probleme wat u stel is op die teoretiese vlak nie. Die feit dat minderheids-groep nie verteenwoordig word nie is 'n praktiese probleem, en behoort uitgeskakel te kan word deur enkele aanpassings aan die Grondwet te maak wat die wese van die stelsel nie raak nie. 'n Mens sou byvoorbeeld daaraan kon dink om die buitengewone nominasies tot tertiêre te vermeerder en hulle te laat sekondeer deur, sê, 150 handtekeninge van oor die hele kampus.

Wat apatie betref, dink ek 'n mens moet erken dat groeiende apatie 'n samelewingsverskynsel is. Nie net die SP en SR ly daaronder nie, maar selfs *Die Matie* sukkel om sy redaksie te vul. Talle ander instansies ondervind dieselfde probleem, en dit gaan definitief nie opgelos word deur weer na die vorige verteenwoordigende stelsel terug te keer nie. Die enigste manier waarop die SP kan verseker dat hy die studente nie verloor nie is om aan elke student te toon wat hy vir hom kan doen. En dit hang uitsluitlik af van die toegewydheid van SP-lede in hul koshuise. Dit het dus weer eens niks met die wese van die stelsel te doen nie, maar wel met sy praktiese toepassing.

Ritzie was nie die eerste

DIANNE FRANKLIN skryf:

Betreffende die berig in *Die Matie* (4 Aug 1983) oor die onlangse Bergrivier-kanomarathon wil ek net daarop wys dat Ritzie Lincoln nie die eerste dame was nie. Alhoewel sy algeheel 76ste geëindig het, is Ritzie vir die eerste keer in vier jaar gewen deur 'n 17-jarige Transvaal meisie, Marlene Hartzenberg (68ste algeheel), wat 'n puik vertoning geleë het.

Dié meisies het gesorg dat dames die beste algehele plekke ooit in die Bergrivier-marathon behaal het. Dit is my mening dat hulle van die beste dame kanomarathon-rysters in die wêreld is.

Verder wil ek net meld dat Julius Andrag, wat eers vanjaar begin roei het, algeheel sestiende geëindig het. Hy het dit — 'n merkwaaardige prestasie.

Laastens, dankie vir die berig self. Ons is altyd dankbaar vir ondersteuning van die studentemedia.

Uitstalling goed, prediker swak

CHARL NEL skryf:

Sendingweek: 'n volslae mislukking. Verlede week was ek verbaas om te sien hoe mooi en kleurvol die Gat versier word om God se naam nog meer uit te dra aan die studente van Stellenbosch.

Ek moet eerlik wees en die Sendingweekkomitee 'n pluimpie gee vir die goedgeorganiseerde uitstalling.

U sal met my saamstem dat die aanddienste eintlik die hart was waarom die Sendingweek gedraai het.

Hoe jammer was dit toe ek dit bygewoon het en sien dat dit 'n niksseggende dwepery is. 'n Predikant wat my ore doof skreeu en 'n boodskap wat elke aand dieselfde is. Die woorde is elke aand net anders gerangskik. Sommige studente stap uit; ander kyk verward rond, ander luister sorgvuldig. Hulle stap uit en is te bang om hulle mening te lug oor dié sendingweek ('n Predikant kan

mos nooit 'n fout maak nie).

Sendingweek is sekerlik daar om meer studente te bekeer en te betrek by die Woord van God — maar nee — dié wat getwyfel het is nou eers die spoor byster. Ek neem nulle ook nie kwalik nie. Vir hulle het godsdiens nou 'n klug geword.

Gelukkig het ek op hierdie stadium stewig op my voete gestaan en ek kan God loof en prys vir die pragtige uitstalling en die preke kan ek ignoreer. Anders het ek ook vandag getwyfel.

Sendingkomitee, julle moet meer sorgvuldig 'n prediker kies — dit maak 'n "hemelse" verskil.

RIANA VELDT-MAN (voorsitter — KJA Sendingweek-komitee (1983))

Na aanleiding van die brief: *Sendingweek 'n volslae mislukking*

In antwoord op bogenoem-

de brief, wil ek die skrywer graag bedank vir sy positiewe opmerking oor die kwaliteit van vanjaar se uitstallings. Ons glo saam met hom dat God se Naam daardeur verheerlik is.

Ek neem egter met spyt kennis van die skrywer se negatiewe houding jeens die aanbieding en inhoud van die aanddienste. Ek kan nie saamstem met die betoog dat die boodskappe aand vir aand eenders was nie. Daar is aandag gegee aan verskillende aspekte van die Sending wat uitloop het op die uiteindelijke klimaks, naamlik die verpligting op elke Christen om by sendingwerk betrokke te raak. In aansluiting hierby wys ek die skrywer daarop dat hy dié doel van Sendingweek verkeerd het. Sendingweek het primêr ten doel om 'n forum te skep vir Sendelinge om mede-Christene te oortuig van hul Sendingroeping en ook voor te berei vir die groot Sendingtaak, en darem nie ten doel om mense te bekeer nie. Juis om hierdie rede dink ek dat die klem vanjaar op SENDING-week geval het.

Na my mening is niks verder van die waarheid nie as om die boodskappe af te maak as "niksseggende dwepery", aangesien die prediker juis die skriftelike karakter van die Sendingopdrag onomwonde gestel het. Die versoeking is egter altyd daar om die skrifgetroue Sendingopdrag te "ignoreer", maar dit is juis wat Sendingweek vanjaar wou beveg.

Ek wil die skrywer graag verseker dat die komitee baie erns gemaak het met die keuse van 'n hoofspreeker. Ons het gebied en geglo dat God uiteindelik die keuse gemaak en die regte persoon gestuur het. Dit is betreuenswaardig dat hy dit nie só kon beleef nie. Neem asseblief vrymoedigheid om nou reeds te bid vir volgende jaar se hoofspreeker. Die nuwe komitee het reeds begin funksioneer en die kies van 'n hoofspreeker is een van hul eerste take.

GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES

DIE indeks waarvolgens die advertensies geplaas word, is: 1. Geboortes, 2. Verlovinge, 3. Huwelike, 4. In Memoriam, 5. Sterfgevallen, 6. Persoonlik, 7. KENNISGEWINGS, 8. GEVIND, 9. TE KOOP, 10. TE KOOP GEVRA, 11. LOSIES, 12. LOSIES GEVRA, 13. RYGELEENTHEDE, 14. RYGELEENTHEDE GEVRA, 15. WERK.

Advertensies moet skriftelik, met die regte bedrag in 'n koevert in *Die Matie* se posbus (nr. 20, Neelsie) geplaas word. Advertensies sal ook per pos aanvaar word (Die Redakteur, Geklassifiseerd, LSS, Universiteit, Stellenbosch).

'n Bedrag van slegs 75s vir elke 15 woorde word gehê, behalwe vir advertensies onder GEVIND, wat gratis geplaas sal word.

TE KOOP
MOTORFIETS te koop. Suzuki GSX850. 1980-model. 3 900 km. R2 150. Kontak: A. Vermaak, Dagbreek, seksie 14, kamer 14. Tel. 2387/71002.

TE KOOP. *The Mathematical Experience.* Splinternuut. *Secrets of the universe* en so aan. Halfprys: R8,50. Bel Andries, 5798.

HAARDROËR. Skaars gebruik. R4. Winskoop. (Geld dringend nodig.) Kontak Pjeter by 6434.

TE KOOP GEVRA
MANSFIETS gesoek. Min of meer werkbare toestand. R25. Kontak Jean by 74371.

GEVIND
SKILDERY gevind. Tydens die onlangse Sendingweek uitstalling het 'n damestudent 'n olieverfskildery by mnr. Monyaku gekoop. Dit is egter nie afgehaal nie. Die betrokke persoon kan saans na 18h00 met Graham van Heerden skakel by tel. (021) 96-3401.

STELLENBOSSE SPORTMAN EN -VROU VAN DIE JAAR



Atletiek: Joepie Loots

Prestasies

1982:
Drie S.A. Tienkampre-
kords in vyf weke

Super C Sportmantitel
Springbok Tienkampkam-
pioen
Iwon van Damme-toeken-
ning as beste W.P. atleet

1983:

Oortref eie S.A. rekord
met 7466 — 7726 punte
S.A. Tienkampkampioen
Springbokkleure

Voorspel uitslag en wen R50

DAMES

1.
2.
3.

Naam

Adres

Tel.

MANS

1.
2.
3.

REËLS

1. Die eerste, tweede en derde prys is onderskeidelik R50, R30 en R20.
2. Die sluitingsdatum is Woensdag 22 September om 12h00.
3. Alle inskrywings moet in *Die Matie* se posbus in die loopgang, nr 20, gesop word.
4. Die eerste drie korrekte inskrywings sal as wenners aangewys word.
5. Die eerste drie kandidate, mans en dames, moet in die korrekte volgorde geplaas word.

Kano:

Sunley Uys

Prestasies 1983:

S.A. Kampioen 500 m
Snelroei dubbelkano
S.A. Kampioen 1 000 m
Snelroei dubbelkano
S.A. Kampioen 10 000 m
Snelroei dubbelkano
Tweede in Wynland Berg-
rivier Marathon
Bronsmalje S.A. Mara-
thon-kampioenskappe.
Wenner van Presidents-
trofee vir beste W.P.-kano-
vaarder



Toutrek:

Nico Visser

Prestasies 1982:

W.P. kampioenskappe
Wynlandkampioenskap-
skappe
Springbokproewe

S.A. kampioenskappe

1983:

W.P.-kampioenskappe
Wynlandkampioenskap
S.A.-kampioenskappe



Vlugbal: George Vrahimis


Prestasies

1982
Stellenbosch eerste span
S.A.U.-kleure
W.P. eerste span

Stellenbosch sportkleure

1983:

Stellenbosch eerste span
S.A.U.-span
W.P.-span



Fietsry:

Wimpe van der Merwe

Prestasies 1982:

W.P. Padkampioen
W.P. Tydtoetskampioen
S.A. Madisonkampioen
S.A. Padkampioen
Lid van Springbokspan vir
die Rapporttoer.

1983:

6 plaaslike W.P. Padtitels
W.P. Padkampioen
S.A. Padkampioen

Hokkie:

Annemarie Meyer

Prestasies:

1982:
Matie eerste span
S.A.U.-span (Protea)
W.P. B Binnenshuise hok-
kie
W.P. A Veldhokkie
Springbok (Jongste)

1983:

Springbok 1983 (Jongste)
W.P. A
S.A.U.-span (Protea)
Binnenshuise hokkie W.P.-
B
Matie eerste span



Atletiek:

Bermien Conradie

Prestasies

1981/82
S.A.U. kampioen 400 m
hekkies
Wen 400 m hekkies S.A.
kampioenskappe
1982/83
S.A.U. 400 m hekkies

Springbokkleure
Vroue /21 S.A. kampioen-
skappe
SBW span
Derde S.A. Senior-kam-
pioenskappe
Eerste vrou om Tarban
Trofee te ontvang
Wen Dalrymple



Netbal: Beverley Wait

Prestasies

1983
S.A. o-25 span
S.A.U. Beste senterspeler

S.A.-Gradering as speel-
ster
S.A. C Gradering as
Skeidsregter

KOSHUISRUGBY

Helshoogte verslaan Pieke in taai stryd

deur Jan Hendrik Pretorius

HELSHOOGTE het Pieke op Vrydag 2 September met 10-2 geklop. Helshoogte het nou 'n buitekans om Afdeling B van die Sharp-koshuisliga te wen.

In die vierde minuut van die eerste helfte het Wimpie le Roux (senter) 'n los bal binne die Pieke kwartgebied opgetel en deurgenael vir 'n drie onder die pale. Johan Kirsten (heelagter) se doelskop was oor. (6-0)

Straf

'n Minuut later is Pieke gestraf nadat hulle die bal uit 'n losskrum gekrap het. Johan Kirsten (heelagter) het met 'n pragskop van die Pieke 10 meter lyn geslaag. (8-0)

In die dertigste minuut is Pieke gestraf vir 'n oortreding in 'n vaste skrum en Johan Kirsten het die bal oorgeskop. (10-0)

In die tweede helfte het die Helshoogte agterlyn weer gevaarlik beweeg. Onnodige foute het verhoog dat hulle punte aanteken. In die agste minuut is Helshoogte gestraf vir 'n hoogvat. Willem Bekker (losskakel) se skop was oor. (10-2)

Die lynstane was oor die algemeen baie slordig. Dit het min gebeur dat skoon balle gevat is. Balle is meestal geklap en dit het groot druk op die skrumskakels geplaas.

In die skrumme het die twee pakke voorspelers goed met mekaar vergelyk. Helshoogte het egter een vasskop ge- haak.

Helshoogte se agterlyn het meer afgerond voorgekom. Hulle agterspelers was egter geneig om soms te ver met die bal te hardloop. Pieke se agterlyn het nooit werklik gevaarlik gelyk nie. Beserings het hul ritme versteur.

Uitblinkers vir Helshoogte was hul heelagter Johan Kirsten en senter De Wet Vogel. Kirsten se posisionele

spel was goed en hy het altyd gevaarlik gelyk as hy met teenaanvalle begin het.

Uitblinkers

'n Uitlinker vir Pieke was hul agsteman, Wilsenbach wat soms met slim spel vorendag gekom het. Hul skakelpaar Bekker (losskakel) en Dippenaar (skrumskakel) het hulle onder groot druk goed van hul taak gekwyt.

Puntestand

Die puntelyst in die koshuisliga is (in die volgorde wedstryde gespeel, gewen, gelykop, verloor en totale punte):

Eendrag	5	5	0	0	10
Elsenburg	6	5	1	0	11
Huis Marais	5	4	0	1	8
Huis Visser	5	1	0	4	2
Libertas	6	0	1	5	1
Mabré	5	1	1	3	3
Dagbreek	6	1	2	3	4
Helderberg	6	1	0	5	2
Helshoogte	6	3	1	2	7
Medles	6	4	0	2	8
Simonsberg	6	2	0	4	4
Wilgenhof	6	2	1	3	5



TOUTREK

US beste in WP na kampioenskap

deur Gerhard van Eeden

STELLENBOSCH het weer eens sy krag in W.P. Troutrek bewys deur twee titels in die W.P.-kampioenskappe, wat op 27 Augustus te Saldanha gehou is, te wen.

Stellenbosch het die 680 kg en 720 kg titels gewen. Hierdeur het die Maties bewys dat hulle 'n sterk aanspraakmaker op die S.A. titel gaan wees wanneer die S.A. Kampioenskappe op 8 Oktober te Newcastle, plaasvind.

Onervare

Die ligter gewigsafdelings is deur Youngsfield Militêre basis oorheers en hulle het die 600 kg en 640 kg titels gewen. Die 640 kg en 600 kg spanne van die U.S. was nog te onervare vir dié strawwe kompetisie en kon onderskeidelik slegs die vierde en sesde plekke behaal.

Die swaarder Matie-spanne het baie beter gevaar deur hulle onderskeie afdelings te wen sonder om een trek af te staan. In die 720 kg afdeling het die Maties hulle

sterkste teenstand gekry. Die U.S.-span het by die inweeg die skaal op 'n skrale 692 kg getrek. Om hierdie gewigsagterstand te neutraliseer moes daar baie harder gewerk word en dit was slegs na 'n gespook van oor die drie minute dat die Maties vir Polisie kon klop.

Prestasie

Deur hierdie kompetisie te wen het Stellenbosch gesorg dat hy die W.P. by die S.A. kampioenskappe kan gaan verteenwoordig. Hierdie prestasie is van groot belang, veral omdat die Maties aanstaande jaar aan die Wêreldkampioenskappe in die V.S.A. wil gaan deelneem. Die volgende kompetisie vind op 10 September op die Stellenbosse toutrekgronde plaas.

BERTIE LOUW, Matie-gimnas, is as die algehele wenner in die tweede graad aangewys tydens die S.A.U. Gimnastiek-byeenkoms te Bloemfontein. Bertie het S.A.U.-erekleure verwerf en 'n gemiddelde punt van 8,85 behaal. Die Matie-span was die vierde agtereenvolgende jaar die beste span by die S.A.U.

APPLETISER — MARATHON:

1 120 atlete
42,195 km
Begin 06h30

OPE PRETLOOP:
2 000 atlete
6 km
Begin 07h00
Coetzenburg
10 September '83



WIMPPIE LE ROUX van Helshoogte breek deur die verdediging van die Pieke-agterlyn op pad na sy drie vroeg in die wedstryd. Helshoogte het die wedstryd met 10-2 gewen.

PLUIMBAL

Ervaring deurslag in Boland Ope

deur Johan Smit

DIE Boland Ope-pluimbalkampioenskappe is van 22 tot 25 Augustus vir die eerste keer in die D.F. Malan-sentrum gehou. Alan, Gussie, David en Tracy Phillips van Kaapstad het al die titels gewen.

Al Bolandspelers wat vir 'n eindstryd kon kwalifiseer, was Jenny Cerff van Maties en Kim Cresswell van Boland. Hulle is in die vrouedubbelspel met skoon stelle deur Gussie en Tracey Phillips geklop.

Geklop

In die vrou-enkelspel het Cerff deurgedring tot die semi-finale, maar is geklop deur Tracey Phillips met 11-1 en 15-9. In die mans-enkelspel het Antonie Jacobs, kaptein van Maties met 15-9 en 15-9 verloor teen Derrick Wathling van Kaapstad.

Heinrich Uys van Maties was die enigste Bolander wat amper daarin geslaag het om sy wedstryd teen een van die skitterende Phillipse te wen. In die mans-enkelspel het hy te staan gekom teen die W.P.-speler David Phillips. Uys het te veel foute begaan in die eerste stel en Phillips het hom maklik met 15-9 geklop. Uys het van die geleentheid gebruik gemaak om Phillips se spel te lees en dit het in sy guns getel.

Herstel

In die tweede stel het Uys vir Phillips heelyd in die duister gehad met goedgeplaasde val- en dryfhoue.

Phillips het nie verwag dat Uys so gou sal herstel na sy nederlaag in die eerste stel nie en dit het aanleiding gegee tot sy onverskillige spel. Twee van sy mokerhoue het buite die baan beland wat heeltemal onnodig is vir 'n speler van sy gehalte. Uys het die stel met 15-10 gewen.

In die derde en laaste stel het Phillips weer op dreef gekom en Uys onder druk geplaas. Uys het sy bes probeer maar kon niks uitrig teen die kort valhoue van Phillips nie. Phillips se on-

dervinding het die deurslag gegee en hy het die stel met 15-9 gewen.

Toer

Na afloop van die toernooi is Boland-kleure aan Antonie Jacobs en Jenny Cerff van Maties toegeken. Die klub se jaarvergadering is onlangs gehou en interessante dinge word vir die toekoms beplan. Daar word onder meer beoog om volgende jaar 'n Matie-kampioenskapstoernooi te hou, sowel as 'n toer na die Suid-Westelike distrikte.

KORT- SPORT

Fietsry

Springbokfietsryer van die Maties, Wimpie van der Merwe, het op 3 September die jaarlikse Masie Louw-Gedenkwedren oor 84 km in die Paarl gewen.

Matie-rugby

Die Maties het op 3 September hul eerste nederlaag in die GUB-kompetisie gely. Weermag het die Maties met 21-3 geklop.

Kanovaart

Die Maties J.T. Basson, Andries Smit, Gerhard Beukes en Mynhardt Marais, is op 27 Augustus vir die W.P. A-span gekies. Basson en Smit het Saterdag die eerste plek behaal, terwyl Marais en Beukes tweede was in die S.A. K2-kampioenskappe op die Breërivier.

Maties table tennis tops in B section

by David van der Westhuyzen

THE Maties' first table tennis team secured top place in the B Section of the Grand Challenge Series by beating Glen Country Club of Camps Bay on Wednesday 24 August.

Maties won by eight matches to two. Thys Odendaal, the number one player won all three his matches by two games to love. Odendaal's good table tennis has led to his representing Stellenbosch in the S.A.U. team. He is ranked no. 3 on the S.A.U. ladder and is at present playing for the W.P. Invitation team.

Simon

Jan Burman, ranked no. 4 on the S.A.U. ladder, won two of his three matches. He lost to Trevor Simon. Simon is playing in the W.P. team. Eric Breytenbach also lost to Simon but managed to win his other two matches.

Doubles

Odendaal and Burman combined to form the doubles team. They beat Simon and Thersens Shulton of the Camps Bay team 2-0. Majuba, winners of the A

Section for the last two years, and Huis Visser have shown their strength by respectively winning the A and B Leagues of the first semester. Huis Visser was the only team that posed any threat

to Majuba in the A League. Majuba won the league with 70 points to Huis Visser's 65. Huis Visser obtained 70 points in the second league compared to Majuba and Eendrag's 50 points each.



MADER VISAGIE of Majuba in action in one of the inter-residential matches. Majuba is undefeated this year and is set to win the league for the third year running.